Opsetlik sê ons: binne ons Kerk. Onlangs het die Redakteur van die orgaan van die Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika dit nodig geag om 'n aanval sowel op die teologiese inhoud as op die letterkundige vorm van die bundel te pleeg. Feitlike argumente het hy daarby maar min vorentoe gebring. Sy betoog maak die indruk dat hy daaraan behoefte gehad het om homself, of altans sy Kerk in sy afwysende houding teenoor die Nu-Testamentiese lied te regverdig. As dit die motief was, kan ons die aanval maar die beste negeer. Vir ons bly die woord van die Apostel van krag (Kol. 3:16): Leer en vermaan mekaar met psalms en lofsange en geestelike liedere, en sing in julle hart met dankbaarheid tot eer van die Here. Of ook (Efez. 5:19): Spreek onder mekaar met psalms en lofsange en geestelike liedere; en sing en psalmsing in julle hart tot eer van die Here. Dit spreek vanself, dat die werk van ons kommissies onvolmaakte werk is. Dit geld van alle werk, wat mense verrig. Sodoende sal ons volmondig toegee, dat daar aanmerkings gemaak kan word. Maar dit is geen rede

om wyser te wil wees as die Apostel Paulus, en om die Bybelgebod te verontagsaam nie. Netsomin as ons instaat is om al Gods gebooie volkome te volbring, netsomin is ons in staat om hier op aarde die heerlikheid van die Evangelie in volmaakte vorm uit te druk. Maar al is ook ons beste werke in hierdie lewe nog met sonde besmet, tog mag dit ons nie belet om, steunend op die bekwaammakende genade van die Here, na die heiligmaking te jaag nie. Netso ook is dit die plig van die Kerk om die gawes van digkuns en musiek in diens van die Evangelieverkondiging te stel.

Aan die ander kant is hierdie oorweging van 'n paar grondwaarhede van die Christelike lewe vir ons ook 'n waarborg, dat ons met volle vrymoedigheid oor tekortkomings van ons Gesangeboek mag praat. Ons tas daarby nóg die wese van die werk, nóg die beginsels wat dit beheers aan. Die Kerk wat waarlik Kerk bly, hou altyd 'n oop oog vir sy gebreke en vir die tekortkomings wat in sy werk vroeër of later altyd aan die lig sal tree. Selfverheerliking is een van die mees uitstaande kenmerke van die sekte, maar nie van die Kerk nie.

* * *

In hierdie artikel wil ons nou wys op 'n paar leemtes, wat daar in ons Kerkboek bestaan. Toe die Hervormde Kerk in Nederland in die jaar 1866 die „Vervolgbundel op de Evangelische gezangen" aan die gemeentes in Nederland aangebied het, het die Synode in sy voorrede tot hierdie bundel onder meer die volgende sinne geskryf: „Sedert vele jaren werd in ons Gezangboek, bij betrekkelijken rijkdom, het gemis opgemerkt van gepaste gesangen voor onderscheidene plechtige gelegenheden. De wensch, om dat ontbrekende aan te vullen en daardoor in eene algemeen erkende behoefte te voorzien, bracht reeds ten jare 1847 de Synode tot het besluit om zoodanigen Vervolgbundel te doen verzamelen." Netso vind ons in die voorrede van die teenswoordige bundel „Psalmen en gezangen voor den eeredienst der Nederlandsche Hervormde Kerk," wat sedert 1938 algemeen in Nederland gebruik is, die volgende

opmerking: „In het bijzonder is getracht leemten aan te vullen in de liederen bij sommige feestdagen, en bij de onderwerpen Kerk, Koninkrijk Gods en Eeuwig leven."

Soos bekend, het die Afrikaanse Kerke tot die jaar 1944 net die ou bundel „Evangelische Gezangen om nevens het boek der Psalmen bij den openbaren godsdienst in de Nederlandsche Hervormde Gemeenten gebruikt te worden" by hul erediens gebruik. Die Vervolgbundel is hier nooit ingevoer nie, vermoedelik wel omdat op die tydstip van sy verskyning (1866) die kontak met Nederland vir so 'n maatreël nie sterk genoeg meer was nie. Toe die bundel van 1938 in Nederland verskyn het, was die werk aan die Afrikaanse bundel al so ver gevorder, dat die nuwe Nederlandse versameling geen invloed meer kon uitoefen nie. Wel het egter die Afrikaanse vertalers 'n aantal gesange uit die Vervolgbundel in die plek van min gebruiklike uit die eerste bundel gestel. Die lys daarvan kan gevind word in die „Voorwoord van die gesamentlike Revisiekommissie," p. IV.

Al was daarmee die ou bundel aanmerklik verryk, sodat die Afrikaanse Gesangeboek heelwat vollediger is as die ou Nederlandse, dit neem nie weg nie dat daar tog leemtes oorgebly het. In die nege of tien jaar dat ons ons Kerkboek ken, het dit ook wel aan die lig getree. Ons wil hier op 'n paar punte wys. In die eerste plek is daar 'n aantal kerklike plegtighede, waarvoor ons die liedere tevergeefs in ons bundel soek. Die mees opvallende is in hierdie verband wel die feit, dat ons geen gesange het wat spesiaal aan die huweliksinseëning gewy is nie. En tog is die huweliksinseëning een van die mees veelvuldig voorkomende plegtighede van ons Kerk, en daarby een wat nie maar net vir die direk betrokkenes nie, maar ook vir die hele gemeente van groot belang is. Mens sou amper dink dat hierdie leemte daarop wys, dat dit nog nie voldoende deurgedring het dat die huweliksinseëning geen private plegtigheid is nie, maar 'n daad van die gemeente. Die predikant tree by die huweliksinseëning nie as partikuliere persoon op nie, maar as orgaan van die gemeente. Die gemeente, en dus ook sy verteenwoordiging deur middel

van die Kerkraad, het seggingsskap oor die huweliksinseëning. Dit sou daarom ook beter wees as by elke huweliksinseëning tenminste een ouderling amptelik teenwoordig was, en nog beter as hy daarby ook 'n liturgiese taak sou vervul.

Wat sing ons by die huweliksinseëning? Daar word nie eens altyd gesing nie. Volgens ons mening ten onregte. Die gemeente kom nie voldoende tot sy reg as die predikant net volstaan met die formulier te lees en eventueel daar 'n toespraak aan verbind nie. Daar behoort gesing te word. Maar wat word nou gesing? Die mees gewone gebruik is om aan die begin Ps. 146:1 aan te hef, en by die eintlike inseëning Ps. 134:3. Uiteraard kan mens niks teen daardie twee verse, op hulleself beskou, inbring nie. Maar dit is tog wel duidelik dat hulle as sodanig geen verband met die inseëning van 'n huwelik het nie. Die huwelik is 'n te belangrike instelling as dat ons dit in ons Nutestamentiese lied met stilswye sou mag verbygaan. En dit sou seker nuttig wees, ook met die oog op allerlei hedendaagse dwaalweë in verband met die huwelik as die gemeente ook in sy lied die onverganklike beginsel van die Christelike huwelik onder woorde sou bring.

In die Vervolgbundel van 1866 kom 'n drietal gesange vir die huweliksinseëning voor (Ges. 224-226), waarvan een oorgegaan het in die teenswoordige Nederlandse bundel. Dit is van die hand van Nicolaas Beets, en verdien om sy inhoud en vorm seker 'n Afrikaanse vertaling:

„U zeegne God,
Hij stell' u tot een zegen!
Gezegend zij uw hoofd, uw hart, uw wegen,
Uw aardsch, uw eeuwig lot!

Gezegend d' echt,
Die u verbindt, zijn banden,
Zijn bloemen en zijn juk, de trouwe handen,
Door God ineengelegd!

Gezegend 't huis,
Waarin de liefde wone,
Waar u de Heer met vreugd' en eere krone;
Gezegend ook het kruis!

Het kruis te zaam
Als één van ziel gedragen!
Den blik op Hem, die 't kruis verdroeg, geslagen,
En in zijn kracht en naam!

O God, verhoor
En schenk ons onze bede!
Toon hun uw gunst, doordring hen van uw vrede,
Licht met uw licht hen voor!"

Sou dit nie heelwat beter klink, in Afrikaanse vertaling, as die lawwe Engelse liedjies wat nou dikwels by so 'n geleentheid van die orrelgalery af deur 'n solosanger die bruidspaar toegegalm word nie? Ons praat nou op die oomblik nie oor die reg van solosang hy huweliksinsening nie, al wil die skrywer wel opmerk, dat hy persoonlik van mening is, dat dit nie in die kerkdiens tuishoort nie. Maar solank die gesang wat ons hierbo afgedruk het, nog nie in ons bundel staan nie, sou die vriend of vriendin van die bruidspaar, wat 'n sangsolo wil lewer, beter hierdie kernagtige en veelseggende lied kan gebruik.

'n Tweede plegtigheid, waarvoor ons geen gesange het nie, is die bevestiging van ouderlinge en diakens. Dit vind orals tydens die gewone diens plaas, en dit sal maar selde voorkom dat die gemeente nie uitgenooi word om die bevestigde kerkraadslede iets toe te sing nie. En dit is ook volkome reg. Ons kerkraadslede doen soveel vir die gemeente, en hulle toewyding is so groot, dat die minste wat die gemeente kan doen, is om deur sy lied sy vreugde en dankbaarheid te toon. Maar hier alweer is daar nie veel anders in ons bundel nie as net die – ek sou amper sê orals teenwoordige – Ps. 134:3. In Nederland is ook wel Ps. 135:1 gebruik, wat in die Hollandse beryming as volg lui:

„Prijst den naam van uwen God,
's Heeren knechten, hier vergaard!
Prijst zijn naam en wijs gebod,
Daar g'in 't voorhof staat geschaard,
En uw ambt bekleedt met eer
In het huis van onzen Heer."

Dit gaan nog wel. Die vermelding van „'s Heeren knechten" en „ambt" slaan 'n brug tussen die psalmvers en die geleentheid waarby dit gesing word, die bevestiging van kerkraadslede. Maar in die Afrikaanse beryming val hierdie elemente uit:

„Prys die Naam van onse Heer!
Hef tesaam die lofsang aan!
Loof sy goedheid, gee Hom eer,
Al wie in sy voorhof staan!
Loof Hom by die heugenis
Van sy Naam wat lieflik is."

Al is die vers, op sigself beskou, hoe goed ook, dis duidelik dat dit in sy Afrikaanse vorm min het, wat toepaslik is op die bevestiging van kerkraadslede. Hoogstens sou mens nog op die woorde „sy voorhof" kan wys, maar soos ons kerkgeboue, helaas, teenswoordig deur argitekte ontwerp word, is daar gewoonlik geen „voorhof" of spesiale plek vir die Kerkraad nie.

En so het ons dus 'n geleentheid, wat in elke gemeente minstens een keer per jaar voorkom, en gewoonlik meer, waarby die regte lied ontbreek. En geen Nederlandse bundel kan ons daarby help nie. As in hierdie leemte voorsien moet word, sal 'n Afrikaanse digter self aan die werk moet spring.

* * *

Die laaste jare is daar nuwe kerke by tientalle ingewy. In daardie verband het hom selfs al 'n sekere tradisie ontwikkel. Die hoofsake daarvan is reg, al is daar sekere uitwasse – soos bv. die gewoonte om allerlei nie-kerklike

instansies daarby ook die woord te laat voer; en op gevaar af van die dogters van Eva teen my te keer, moet ek ook wel vermeld dat die vanselfsprekendheid, waarmee altyd aangeneem word dat die oopsluit van die deure deur die predikantsvrou moet geskied, moeilik geregverdig kan word. Maar ons het geen gesange wat spesiaal geskik is om te sing by die hoeksteenlegging nie. Ps. 118:11 is met die oog op die Christologiese uitleg wat daaraan in Matth. 21:42, Mark. 12:10; Luk. 20:17; Hand. 4:11; 1 Petr. 2:7 gegee word moeilik om in verband met die stoflike hoeksteen te bring.

Baie gemeentes het die sinryke plegtigheid gevier om eers nog vir die laaste keer in die ou kerkgebou saam te kom, en daar 'n kort diens te hou, voordat die gemeente in sy geheel in optog na die nuwe bedehuis stap. Maar wat moet hulle by so 'n afskeidsdiens sing? Die kerkboek gee geen aanwysing nie. En as die gemeente dan in die nuwe Godshuis plaasgeneem het – dikwels onder die sing van Ps. 100, wat daarby seker goed van pas is – dan is daar verder geen ander lied nie as net Ges. 154 (uit die Vervolgbundel), seker 'n mooie en treffende gesang, maar daar kon wel 'n paar meer wees. Die Hollandse bundel van 1938 laat 'n keuse uit drie toe. Een daarvan is ons Ges. 154; die ander twee is nie onverdienstelik nie, maar tog nie so dat 'n vertaling daarvan in die Afrikaans besonder wenslik sou wees nie. Ook in hierdie geval sou dit beter wees as daar uit die Afrikaanse Kerk self 'n nuwe lied sou opkom.

Dis die tragikomiese ervaring van elke predikant, dat die gemeente selde so talryk na die kerkdiens kom as met sy bevestiging en met sy vertrek. Mens kry partymaal die indruk dat daar gemeentelede is wat alleen by dié geleenthede die Godshuis besoek. Natuurlik kan ons dit nie goedkeur nie, maar ons moet in ieder geval daarvan bewus wees, dat hierdie plegtighede baie sterk die aandag van die gemeente het. Ons kan daarby nog verskillende gevalle onderskei. Die bevestiging kan 'n predikant betref of 'n kandidaat; die afskeid kan die vertrek na 'n ander gemeente beteken of die begin van 'n welverdiende rus, die emeritaat. Die liturg wat die desbetreffende diens moet

lei: die bevestiger by 'n intree, die vertrekkende predikant by 'n afskeid, die ouderling wat die gevoelens van die Kerkraad vertolk, soek tevergeefs na 'n gesang wat vir so'n geleentheid geskryf is. Onder die afdelings XIII (Uitbreiding van die Kerk) en XIV (Geleentheidsgesange) vind ons niks van hierdie aard nie.

Die Vervolgbundel bied vier gesange (213-216) „Bij de bevestiging van een Evangeliedienaar." Geen van hulle is opvallend deur digterlike seggingskrag, al sou hulle tog wel as voorbeeld vir 'n Afrikaanse gesang kan dien. Maar meer inspirerend is seker die lied van De Genestet (Vervolgbundel 254, Bundel van 1938 nr. 298), wat weliswaar vir die Nuwe Jaar geskryf is, maar met betrekking geringe wysiginge van toepassing sou kan wees op die koms van 'n predikant na sy nuwe gemeente. Ek laat hier 'n paar verse volg:

„De lendenen omgord! Schikt weg wat u zou hind'ren
Om volgzaam 't aller stond langs d' ongewisse paan,
Als knechten in Gods dienst, neen als geliefde kind'ren,
Den weg, dien Hij u wijst, te gaan!

Op, uit uw woning naar het stroodak in de verte!
Der armen Heiland roept in guren winternacht;
Op, uit uw blij gezin naar 't eenzaam huis der smarte,
Van wie daar weenen 't leed verzacht!

„Bereid zijn," klinkt de last: zoo neemt dan saam de vouwen
Van 't hangende gewaad, dat licht u struiklen doet
Omgordt u met de kracht van 't vol geloofsvertrouwen,
Met Christenliefd' en Christenmoed!"

Maar in die besonder wil ons vra om gesange wat geskik is by die bevestiging van 'n kandidaat tot die Heilige Diens. Die bevestiging met handoplegging is een van die mees ontroerende plegtighede wat ons Kerk ken. Dit sou skoon wees as op die oomblik dat die hande van al die ampsbroeders op die hoof van die jong man rus, die gemeente daadwerklik daar aandeel aan sou kan neem deur sy lied.

En dan die afskeid. Natuurlik sal een van die ouderlinge die tolk van die gemeente wees om die gevoelens van dankbaarheid en blywende vriendskap uit te spreek. Maar sou dit alles nie veel indrukwekkender kan wees as die gemeente dit vervolgens met sy lied bevestig nie? Dis vir 'n spreker dikwels moeilik om uit te druk wat in sy hart omgaan; maar die lied kom daarby te hulp en bied die woorde wat tere gevoelens vertolk.

* * *

Verder is daar die kinderdiens, wat alreeds 'n gevestigde instelling in baie gemeentes geword het. Nóg in die Afrikaanse, nóg in die Nederlandse bundels vind ons een gesang, wat vir daardie belangrike geleenthede geskryf is. En tog, as ons dit noodsaaklik ag om die prediking en die hele inrigting van so 'n diens by die kindergemoed te laat aansluit, mag ons die sang nie laat agterbly nie. Ons gesange so goed as die psalms is almal vir volwassenes geskryf. Natuurlik is daar baie in wat ook alreeds tot die kindergemoed spreek, maar wat ons mis is gesange waarin duidelik tot uiting kom dat ook die kinders 'n integrerende deel van die gemeente uitmaak. Minder belangrik lyk die gemis van gesange vir allerlei „spesiale Sondae." Ons Kerk is daar geen voorstander van nie, en die reg van 'n „Burgemeesterssondag" is herhaaldelik op gewigtige gronde betwyfel. Hier kan ons dus nie van 'n duidelike leemte praat nie.

* * *

Ons sou ook nog kan wys op die gebrek aan keuse wat ons in bepaalde gevalle het. Opvallend is dit bv., dat terwyl daar in ons gesangeboek vier liedere is wat die titel dra „Danksegging na die Nagmaal," daar maar een is wat gedig is vir die Voorbereiding. Dit is ongetwyfeld 'n wanverhouding. Dis nie nodig om hier 'n teologiese ondersoek in te stel na die meerdere belangrikheid van Voorbereiding of van Danksegging nie; hulle kon maar gerus gelyk-op in ons Gesangeboek bedeel wees.

Daarby sluit aan die gebrek aan keuse by die bevestiging van lidmate. Ons vind in ons bundel maar net een

gesang oor daardie onderwerp. Dit skuil min of meer weg in afdeling XIII, „Uitbreiding van die Kerk." Dis seker waar dat Gesang 155 'n voortreflike stuk werk is, goed van vorm en ryk van inhoud. Maar alweer moet ons opmerk: by so'n geleentheid, waarby die gemeente gewoonlik in groot getal opkom, behoort ons meer keuse te hê.

Hier kan die bundel van 1938 weer goeie dienste bewys. Daar is vyf gesange vir die kerkdiens waarin lidmate bevestig word (257-261), waarby verskillende, wat ook in Afrika graag gesing sal word. Daarby sou mens nog die bewerking van 1 Joh. 3:1-6 kan voeg, wat in die Vervolgbundel onder nr. 195, in die teenswoordige bundel as nr. 190 verskyn, en waarvan die eerste vers as volg lui:

„Welk een liefde, vol van leven,
Steeds en nooit genoeg geroemd,
Heeft de Vader ons gegeven,
Dat Hij ons zijn kindren noemt!
Neen, de wereld weet het niet,
Wat Gods groote liefd' ons biedt.
Als zij 't wist, met zielsbegeeren
Zou zij mee tot God zich keeren!"

Dit is nie die bedoeling van die skrywer van hierdie artikel, dat ons nou reeds oorgaan tot die saamstelling van 'n aangevulde bundel nie. Die tyd is daartoe nog nie ryp nie. Maar wel is dit nodig, dat ons oog kry vir die leemtes, op die behoeftes wat daar mag bestaan. Dan sou dit kan gebeur dat daar in ons Kerk of in Susterkerke digters en digteresse sou opstaan wat probeer om in die leemtes te voorsien. Toe die vertaling van die Gesangebundel onderneem is, was daar maar min kans op hulp van die kant van erkende digters. Die ontwikkelingsgang van die Afrikaanse poësie het dit meegebring, dat in daardie jare die digter steeds meer die vertolker van sy eie, dikwels uiters persoonlike, gevoelens geword het. Vir sover ons kan sien, is dit nog die geval. Maar in verskillende oorsese lande merk ons die eerste tekens op van 'n nuwe wending in die literatuur. Daar kom 'n verlange om nie in die eerste plek die sanger van die eie insigte te wees nie, maar die tolk en

mond van 'n gemeenskap. So 'n ontwikkeling kan ons seker binne nie al te lange tyd nie ook in Afrika verwag. Die digters sal hul medemense weer ontdek, en daarmee kom dan 'n kans op die digkuns van 'n gemeenskap. Mag dit dan die Christelike gemeenskap, mag dit dan die Kerk wees.

A. VAN SELMS.

———::———

GEBED.

Ek is nou soos 'n kind wat skaars kan loop.
My voete gly
en wankel onder my.
Hou U, o Here, u arms oop:
ek kan nie loop.

Ek het getrag om self my pad te gaan.
Ek het geboet
met struikelgang en bloed.
Wil my nie los, nóg gadeslaan
my domme waan.

En as teen verre skemerberge stuit
my laaste voet —
snel my dan tegemoet!
'k Steek dan na U met noodgeluid
my hande uit.

—TOTIUS.

ONS KERK IN SUIDWES-AFRIKA

DIE rigting waarin die Kerk, as deel van die blanke beskawing, die afgelope drie eeue beweeg het was hoofsaaklik dié van Suid na Noord. Op hierdie algemene reël vorm Suidwes-Afrika sover dit ons Kerk betref egter 'n uitsondering. Die Ned. Herv. Kerk het hier die teenoorgestelde rigting gevolg nl. dié van Noord na Suid. Die Hervormde lidmate het vanuit Portugees Wes-Afrika (Angola) in die Noorde Suidwes binnegekom. Aan hierdie „intog" wat in 1928 plaasgevind het, gaan 'n veelbewoë halfeeu van Kerkgeskiedenis vooraf. Hierdie periode wat begin met die Dorslandtrek omstreeks 1875 en wat eindig met die repatriasie van die oorgrote deel van die Afrikaners in 1928 vereis later behandeling in 'n afsonderlike artikel. Ons wil slegs op 'n paar feite wys om die totstandkoming van ons Kerk in Suidwes in die regte lig te sien.

Die trekkers wat Transvaal omstreeks 1875 verlaat het, was oorwegend lidmate van die Gereformeerde Kerk. By hulle vertrek uit Transvaal het 'n groepie Hervormde lidmate by die reisende Geref. Gemeente aangesluit. Aanvanklik was daar in Angola dus slegs een Kerk verteenwoordig, nl. die Geref. Kerk. Omstreeks 1908 het daar onder die lidmate wrywing ontstaan oor die feit dat Woord en Sakramente deur dieselfde predikant bedien is aan sowel die blanke as die nie-blanke Gemeente. Hierdie gebeure het soveel bitterheid en ontevredenheid veroorsaak dat daar op 4 Junie 1910 onder leiding van ds. P. W. van Drimmelen oorgegaan is tot die stigting van 'n Ned. Herv. Gemeente te Humpata. In hierdie lig word dit duidelik waarom daar slegs 'n Gemeente van een Kerk na Angola getrek het en daar lidmate van twee Kerke in 1928 na Suidwes teruggekeer het.

Na die aankoms van ons lidmate in hierdie gebied was daar slegs een Ned. Herv. „Gemeente" nl. dié van Suidwes-Afrika. Die Gemeente het geen vaste predikant meer gehad nie; ds. Van Drimmelen is op 25 Februarie 1919 te Humpata oorlede en vanaf dié tyd is die Hervormde lidmate eers in Angola en later in Suidwes deur besoekende predikante bedien. Ons noem slegs die name van di. J. J. Prinsloo (J.-sn.); S. J. Srtydom; T. F. J. Dreyer en later ds. P. W. Venter, wyle ds. P. J. Smit, di. W. F. Huyzers, M. M. Grobler en A. J. G. Oosthuizen. Die Algemene Kommissie onder wie se toesig ons lidmate geval het, het gevoel dat hulle gereëlde geestelike versorging van die grootste belang sou wees, hoewel die Kerk gedurig met 'n groot predikante-tekort geworstel het. Hierdie predikante het dan ook met groot moeite en opoffering ons lidmate na die beste van hulle vermoë bedien. Hulle is later gevolg deur 'n lang ry evangeliedienaars wat die heil van hulle veraf geleë broeders en susters gedurig in die oog gehou het. Naas God is dit aan hulle belangstelling en ywer te danke dat die Hervormde Kerk vandag staan in die teken van ontwikkeling.

Eers in 1937 is die een „Gemeente" van Suidwes-Afrika in drie Gemeentes verdeel nl. Grootfontein en Otjiwarongo in die Noorde en Gobabis in die Suide. Die bediening vanuit die Unie is gereeld volgehou en die vrugte van hierdie arbeid het dan ook nie uitgebly nie. In 1941 kon die Gemeente Van Drimmelen afgestig word, in 1943 deur die Gemeente Outjo gevolg. Die twee jongste Gemeentes is dié van Windhoek en Tsumeb wat in 1950 tot stand gekom het. Ook die getal lidmate het gestadig gegroei. Die grootste versterking van die gemeentes het gekom van Hervormde lidmate uit die Unie wat hulle hier kom vestig het. So gee die Almanak van 1945 vyf Gemeentes met 320 belydende lidmate aan terwyl dié van 1952 melding maak van sewe Gemeentes met 534 belydende lidmate.

'n Ander belangrike stap in die ontwikkeling van die kerklike lewe in Suidwes was die totstandkoming van 'n afsonderlike Ring van Suidwes-Afrika wat in 1949 plaasgevind het. Die Gemeentes verkeer nou in die voorreg om hulle eie besondere probleme gesamentlik te bespreek en aan te pak.

Die einde van die bediening vanuit die Unie het in sig gekom toe die eerste vaste predikant, ds. J. A. Viljoen, in

1951 die beroep na die drie Suidelike Gemeentes met Windhoek as standplaas aangeneem het, in 1952 gevolg deur ondergetekende met die vier Noordelike Gemeentes as arbeidsveld. Die meer gereëlde bearbeiding kan alleen maar seënryke gevolge hê en die eerste vrugte op die arbeid kan nou reeds gesien word.

Suidwes-Afrika het, soos elke deel van ons land, sy eie probleme. Die grootste probleem is dié van die afstande wat sowel Gemeentes as lidmate skei. Baie van ons lesers sal verbaas wees om te verneem dat die totale oppervlakte van Suidwes 317,725 vierkante myl beslaan, d.w.s. ruim sesmaal die oppervlakte van die Vrystaat. In so'n uitgestrekte gebied is die natuurskoon en selfs die klimaat baie verskillend van plek tot plek. Die Suide bestaan hoofsaaklik uit wyd uitgestrekte vlaktes, die tuiste van die karakoelskaap. Die Noorde kan mens goed vergelyk met die Noord-Transvaalse bosveld; dis die beeswêreld.

Soos die geaardheid van die natuur verskil, so verskil die omstandighede van die Gemeentes. Windhoek en Tsumeb sou ons die stadsgemeentes kan noem. Daar vind ons op kerklike gebied min of meer dieselfde toestande as in ons ander stadsgemeentes. Windhoek se totale blanke en nie-blanke bevolking is meer as 20,000. In die toekoms gaan die Gemeente van Windhoek nog 'n belangrike plek inneem. Dit is gewoonlik die eerste plek waar intrekkers vanuit die Unie aankom. Bowendien is dit 'n belangrike opvoedkundige sentrum. Van heinde en verre stuur ouers hulle kinders daarheen om hoërskool-opleiding te ontvang of om te gaan werk. As gevolg van die vinnige uitbreiding sal ook ons Gemeente daar gestadig groei. 'n Ander dorp wat verbasend gegroei het is die myndorp Tsumeb in die Noorde. In die afgelope vyf jaar het die bevolking met sowat 600 persent toegeneem. 'n Amerikaanse maatskappy wat die kopermyn van die Unieregering gekoop het, verskaf alle geriewe aan sy werkers: nie net huise teen 'n lae huur en vry water nie maar selfs ook teerstrate! Feitlik elke jaar word daar vyftig huise gebou om woonplek vir die werkers te verskaf. Hier tref mens baie van ons

lidmate aan wat uit die Unie afkomstig is. Die groei van die Gemeente is dan ook, menslik gesproke, verseker.

Grootfontein en Gobabis is twee dorpe waarvan die geskiedenis nou verbind is aan dié van ons mense. Grootfontein is deur die Dorslandtrekkers aangelê op pad na Angola. Een van die ou susters van die Gemeente onthou nog goed hoe sy as dogtertjie op die plaas Grootfontein wat aan haar vader behoort het, rondgestap het. Grootfontein beskik oor 'n sierlike klip Kerkgebou wat opgerig is deur die volhardende ywer van die klein Gemeente. Gobabis weer is die plek waar baie van die Angola-trekkers plase van die Suidwes Administrasie ontvang het om hulle daar te kom vestig. Ook hierdie Gemeente hoop om binnekort oor te gaan tot die oprigting van 'n eie Kerkgebou.

Die jong Gemeente Van Drimmelen beskik reeds oor 'n doelmatige gebou waar die eredienste gereeld gehou word. Uit die aard van die saak is die groei hier nie so groot nie omdat dit 'n gevestigde boeregemeenskap betref van wie die kinders gewoonlik elders gaan werk.

Die Gemeente Outjo is seker een van die uitgestrekste van almal met 'n oppervlakte soos die van die Vrystaat. Ook daar is lewe en groei en groot toekomsplanne. Dit is binne die grense van hierdie Gemeente wat daar planne beraam word vir die oprigting van 'n reuse staalfabriek.

Die Gemeente Otjiwarongo beskik oor twee gerieflike Kerkgeboue, een op die dorp en een op Moravia, ongeveer 50 myl daarvandaan. Met sy gunstige ligging en ook hoërskoolfasiliteite vorm dit die aangewese sentrum vir die Noorde. Onder hierdie Gemeente sorteer egter ook die hele Westelike gebied tot by die Atlantiese Oseaan en dit sluit die dorpe Walvisbaai en Swakopmund op 'n afstand van 250 myl in. Indien hierdie Gemeente groei soos verwag word, sal daar later nog 'n nuwe Gemeente in die Weste afgestig moet word, miskien met Usakos as middelpunt.

Die geweldige afstande bring mee dat die werk vir twee predikante byna te veel word. Binne afsienbare tyd hoop ons dan ook om nog 'n derde predikant te kan beroep

wat waarskynlik Outjo as standplaas sal hê. Om die Gemeentes en lidmate gereëld van mekaar se doen en late op hoogte te hou, is daar oorgegaan tot die uitgawe van 'n tweemaandelikse tydskrif, „Die Vreugdebode."

As ons so terugsien op die ruim twintig jaar wat die Hervormde Kerk in Suidwes-Afrika bestaan, het ons baie stof tot dankbaarheid. Die Here was getrou, Hy het die werk van sy hande nie laat vaar nie. Daarom pas dit ons om in ootmoedige vertroue die toekoms in te gaan. Mag hierdie deel van ons Kerk getrou bevind word. Dan alleen sal ons Gemeentes geestelik en stoflik groei en bloei tot die eer van God.

PAUL G. GEERTSEMA.

Otjiwarongo, S.W.A.

———::———

Die man wat die kosbaarste ware het loop die minste daarmee te koop. Op hierdie reël is die tong geen uitsondering nie.—LANGENHOVEN.

ONSTERFLIKHEID EN DIE SIEL

"ABRAHAM het gesterwe en die profete, en U sê: as iemand my woord bewaar, sal hy die dood in der ewigheid nie smaak nie." So antwoord die Joodse geestelike leiers die Here Jesus as Hy aan hulle die onsterflikheid van die gelowige verkondig. En hulle is so oortuig van die grondigheid van hulle argument, dat hulle dit waag om die Seun van God te beskuldig van besetenheid, omdat Hy so-iets leer. Hulle snou Hom toe: „Nou weet ons dat U van die duiwel besete is." Só 'n leer is vir hulle finaal en afdoende bewys van duiwelbesetenheid by Hom wat dit leer!

In hierdie houding openbaar die Joodse teoloë van daardie tyd nie alleen hulle verstokte ongeloof in Jesus Christus, deur wie die genade en die waarheid tot ons gekom het nie, maar hulle verraai ook 'n baie oppervlakkige denkbeeld oor die begrippe lewe en dood, in teëstelling met die evangeliese gedagtes daaromtrent.

Indien „lewe" nooit iets diepers beteken as net om net liggaamlik onder die son te bestaan met mindere of meerdere mate van bewussyn nie, sou die Jode onteenseglik gelyk hê in hulle opposisie teen die leer van Jesus. Want hier, onder die son, op hierdie aarde, tref enerlei lot almal: nie alleen alle mense, vromes en goddelose, gelowiges en ongelowiges nie, maar selfs mens en dier ondergaan dieselfde lot: die dood.

Ook as die dood nooit iets anders beteken nie as die klaaglike einde van alle organismes, die mens ingesluit, nl. die ineenstorting van die liggaam om terug te keer tot die stof waaruit dit geneem is, sou ons hierdie skrifgeleerdes moes prys, dat hulle verstandig geredeneer het. As die aartsvader Abraham en die profete dan moes sterwe, dan sekerlik ook hulle wat glo in Jesus Christus. Selfs sy getroue getuie, Johannes die Doper, het gesterwe, en kon hulle tereg hulle beroep op die Ou Testament, op sulke woorde as Psalm 89:48: „Watter mens leef daar wat die

dood nie sal sien nie, wat sy siel kan red uit die mag van die doderyk?" Ook in die Nuwe Testament lees ons dat „die mense bestemd is om eenmaal te sterwe." (Heb. 9:27), en selfs Paulus getuig tog dat „almal in Adam sterwe" (1 Kor. 15:22). En is alle mense dan nie pynlik bewus van hulle sterflikheid nie, en is dit dan nie God alleen wat die onsterflikheid besit nie? (1 Tim. 6:16). Selfs die sondelose en heilige Seun van God het, toe Hy mens geword het, sterflik geword, en Hy is „gekruisig, gestorwe en begrawe en het neergedaal na die doderyk." Só sal dit ook bly tot die jongste dag, totdat die gelowiges wat dan nog op aarde sal wees „almal verander word . . . en hierdie sterflike met onsterflikheid beklee word" (1 Kor. 15).

Ons herhaal dat die Jode gelyk sou hê in hulle heftige verset teen Jesus, indien Hy met „sterwe" niks anders bedoel het as hierdie algemeen-menslike lot, die beëindiging van die aardse lewe, die ineenstorting van die liggaam, nie. Hy kon dit ook nooit bedoel het nie, want Hy verkondig selfs sy eie dood en voorspel aan sy getroue dissipels in hierdie wêreld juis vervolging en dood, en self ween Hy by die graf van sy gestorwe vriend Lasarus.

Waar ons as gelowiges in Christus aanneem dat sy woord die waarheid is, aanvaar ons egter ten volle sy versekering dat die gelowige nie sal sterwe nie, ja die dood in der ewigheid nie sal smaak nie. Maar dan moet dit nou reeds oorduidelik wees, dat hierdie onsterflikheid wat Hy aankondig nie kan beteken 'n ontvlugting aan die natuurlike dood, die aflegging van die liggaam nie, maar iets diepers, nl. wat Hy aan Martha sê by die graf van Lasarus: „Wie in My glo, sal lewe al het hy ook gesterwe. En elkeen wat lewe en in My glo, sal nooit sterwe tot in ewigheid nie." Hy sê dit by die graf van een wat wel in Hom geglo het en tog gesterwe het na die liggaam. As Hy die waarheid spreek — en so glo ons, anders sterf ons — dan kan daar geen ander gevolgtrekking gemaak word nie, as dat die gelowige voortlewe nadat sy liggaam dood en begrawe is. En waar hierdie voortlewe nie nou na die liggaam geskied nie, moet ons aanneem dat daar 'n deel

van die mens is, dié deel wat nie uit die aarde, uit die stof geneem is nie, wat die Kerk „siel" of ook wel „gees" noem, wat bewustelik voortbestaan nadat die liggaam dood is. Dit dan nou vireers tenminste wat die gelowiges aangaan, maar, soos ons sal probeer aantoon uit die Skrif, is dit in ellendige sin ook waar van die ongelowige.

Dis aan hierdie voortbestaan van die mens as liggaamlose gees of siel waar die Kerk van Christus deur die eeue heen gedink het, wanneer gespreek is van die „onsterflike siel." Miskien is dit 'n ongelukkige uitdrukking wat, by gebrek aan kennis, verwarring kan skep, en wat ook doelbewus aangegryp en uit verband geruk kan word deur bestryders van die kerkleer, om van laasgenoemde 'n karikatuur te maak en nog groter verwarring te stig.

(In die volksmond kom die uitdrukking dikwels voor: Jy het 'n onsterflike siel. In bybelse lig sou dit nader aan die waarheid wees om te sê: Jy het 'n sterflike liggaam. Immers het God Adam gemaak tot 'n „lewende siel.")

Hoewel deur die eeue heen teoloë aan die eenkant en onkundige mense aan die anderkant wel soms onbybelse en selfs heidense gedagtes aan die bybelse waarheid van die voortbestaan van die siel ná die dood vasgekoppel en so 'n ketterse of bygelowige inhoud daaraan gegee het, soos bv. in ons dae die Spiritiste, nogtans kan nie sodanige onbybelse gedagtes gevind word in die offisiële Hervormde (Gereformeerde) belydenisskrifte nie. In Art. 37 van die Nederlandse Geloofsbelydenis word geleer dat by die wederkoms van Christus „almal wat gesterf het uit die aarde sal opstaan, die siel saamgevoeg en verenig met sy eie liggaam waarin hy geleef het." Vir die wat gered word sal „hulle volle verlossing dan voltooi word en hulle sal daar die vrug van al hulle arbeid en moeite wat hulle gehad het ontvang." Van die goddeloses word o.a. gesê: „Hulle sal onsterflik word, maar op só 'n wyse dat hulle gepynig sal word in die ewige vuur wat vir die duiwel en sy engele berei word."

Hier is daar geen sprake van dat die onsterflikheid van die siel sou beteken dat die mens 'n soort eienskap besit waardeur hy vanself die „lewe" as iets waardevols

sou kon verkry deur dood te gaan nie; ons kry hier ook niks van die Grieks-heidense gedagtes asof die liggaam 'n soort kerker van die siel sou wees, waaruit die siel slegs bevry moet word om so die gelukstaat of 'n hoëre lewensvorm te verkry nie. Indien die Kerk maar enigsins sulke dinge sou verkondig, sou dit inderdaad 'n ernstige en fundamentele aantasting van die Evangelie wees, sou ook in der waarheid gesê kon word dat daar te min erns met die dood gemaak word. Maar die teendeel is juis waar. I.p.v. dat die Kerk met die leer van die onsterflikheid 'n soort natuurlike saligheid veronderstel, maak dit al sulke gedagtes totaal onmoontlik en bevat dit juis die geweldig ernstige gedagte, dat die mens selfs nie deur die dood kan ontvlug aan die toorn van God nie – 'n gedagte wat ook selfs in die Ou Testament gevind word, hoewel in ander verband: „Waar sou ek heengaan vir u Gees en waarheen vlug vir u aangesig? Klim ek op na die hemel, U is daar; en maak ek die doderyk my bed, kyk U is daar!" (Psalm 139:7-8); „ . . . . en geen vrygemaakte onder hulle sal homself red nie. Al dring hulle deur in die doderyk, my hand sal hulle daar uithaal . . .". (Amos 9:1-2).

In die Kerkleer word die dood eers in die ware en diepste sin van die woord „besoldiging van die sonde," openbaring van die toorn van God aan die goddelose. Die siel van die goddelose beland in die doderyk, in 'n plek van smarte. Sy siel is in die doderyk van God verlate. Hy sal die lewe nie sien nie, maar die toorn van God bly op hom, (Joh. 3:36). Dit is juis hulle wat die voortbestaan van die siel ná die dood ontken wat nie erns maak met die dood nie. Daarvolgens sou dit wel moontlik wees om bv. deur selfmoord in die doderyk in te vlug en te ontkom aan die toorn van God – tenminste dan tot by die opstanding. Só sou ons aanneem dat die goddelose rus vind in die dood. Maar in die Bybel vind ons hierdie gedagte nie. Van Judas lees ons dat hy „heengegaan het na sy eie plek." Hy is nie vernietig by sy dood nie . . . . Van die Koning van Babel lees ons in Jes. 14:15: „In die doderyk sal jy neergewerp word, in die diepste plekke van die kuil! Die wat jou sien, beskou jou, hulle let op jou en sê: Is dit die man wat die

aarde laat sidder het . . .?" Sy straf van vernedering duur voort ná sy liggaamlike dood.

Andersyds word ook juis deur die Kerkleer die liggaam reg waardeer, want juis dan wanneer die siel en die (nuwe, opgewekte) liggaam weer verenig sal wees by die opstanding, sal die volmaakte saligheid intree. So leer die Heidelbergse Kategismus, Sondag XII, „dat nie alleen my siel ná hierdie lewe terstond tot Christus sal opgeneem word nie, maar dat ook hierdie selfde vlees van my, deur die krag van Christus opgewek, weer met my siel verenig en aan die heerlike liggaam van Christus gelyk sal word." I.p.v. 'n kerker van die siel te wees, leer die Kerk tereg dat ook die liggaam deel sal hê aan die ewige bestemming van die kinders van God en dat die heerlikheid van Christus ook daarin tot openbaring sal kom. Siel en liggaam word deur die Kerk reg waardeer, in die lig van die Heilige Skrif.

WAT LEER DIE SKRIF DAN? Ons let onderskeidelik op die Oue sowel as die Nuwe Testament.

In die *OU TESTAMENT* vind ons wel weinig, maar tog ook lig oor wat met die mens gebeur na sy dood. Hier en daar skemer die hoop op 'n salige hiernamaals deur, en op enkele plekke word uitdruklik 'n opstanding uit die dode verkondig (Daniël, Jesaja) of ook veronderstel soos in Ex. 3:6: „Ek is die God van . . . Abraham, Isak en Jakob." Jesus self haal hierdie woorde aan in verband met die vraag oor die opstanding. God is nie 'n God van dooies nie, maar van lewendes; daarom moet dit duidelik wees dat Abraham, Isak en Jakob lewe en sal opstaan.

(Sou dit onvanpas wees om hierby die vraag te stel of die dood en opstanding van Christus nie direk 'n verandering gebring het in die lot van die reeds voorheen afgestorwe regverdiges nie? Sommige meen van wel.)

Tog is die grondtoon van die Ou Testament die troosteloosheid van die dood, ook vir die regverdige. Nêrens is daar 'n duidelike en besliste Godsopenbaring oor 'n bestaan ná die dood, wat sou kon troos of opweeg teen die verlies van 'n deur God geseënde lewe op aarde nie. Die vrome

Israeliet kleef aan die lewe op aarde vas as sy „enigste" en vir hom is daar geen groter guns om van God af te smeek nie, as dat God hom van die dood sal red, sy siel nie aan die doderyk sal oorgee of sy vlees aan die graf om verderwing te sien nie, (Ps. 16:10. Vgl. ook Hand. 2:27, 31).

„Gedenk, o Heer, hoe swak ek is, hoe kort van duur,
hoe nietig my bestaan, die dood wink ieder uur . . ."

Dis die diepste versugting van die Israeliet. As die dood hom in die gesig staar, dan is dit „bande van die dood het my omring en angste van die doderyk het my getref," en dan roep hy die HERE aan: „Ag, HERE, red my siel." By verhoring en herstel loof hy die genade van God, omdat hy nou weer kan „wandel voor die aangesig van die HERE in die lande van die lewende." Hier kry ons totaal niks van die „verlange om heen te gaan en met Christus te wees" waarvan die apostel Paulus met die lig van die Evangelie kan getuig nie. Nee, hoewel die Ou Testament iets laat deurskemer, is dit eers deur die verskyning van ons Verlosser, Jesus Christus, wat die dood tot niet gemaak het, dat die „lewe en die onverderflikheid aan die lig gebring is deur die Evangelie." (2 Tim. 1:2). Tot in die dae van Christus op aarde was selfs die Joodse geestelike leiers nog in twee kampe verdeel oor die opstanding van die dode, nieteenstaande Daniël dit uitdruklik geleer het.

Vir die vromes van die ou tyd, onder die Ou Verbond, was die groot lig van die ewige lewe nog nie duidelik geopenbaar nie. Hulle het nog nie die bevryding gesmaak wat Jesus Christus deur sy dood verkry het nie, en van hulle kon dit nog gesê word dat hulle „hulle hele lewe lank uit vrees vir die dood aan slawerny onderworpe was" (Heb. 2:15). Vir hulle was, na die kennis wat hulle gehad het, die dood die einde van alles wat werklik „lewe" genoem kan word, en nooit sou hulle dink om te sing van die „eewge lewe, eind'loos heerlik, wat na hierdie lewe wag" nie.

Luister maar na die klagtes van die vromes in die Ou Test., na hulle versugtinge en smeking om nie te moet sterwe nie: „Maak my gesond, HERE," smeek Dawid in

Psalm 6, en dan pleit hy: „want in die dood word aan U nie gedink nie; wie sal U loof in die doderyk?" Ook Hiskia roep dieselfde uit, nadat die Here hom verhoor en verlos het, sodat hy nie sou sterwe nie: „Want die doderyk sal U nie loof nie, die dood sal U nie prys nie; die wat in die kuil neerdaal sal op u trou nie hoop nie. Die lewende, die lewende, die sal U loof, soos ek vandag," (Jes. 38:18–19).

Baie bekend is die klassieke klaaglied van Job, hoofstuk 14: „Die mens uit 'n vrou gebore is kort van dae en sat van onrus. Hy spruit uit soos 'n blom en verwelk; ook vlug hy soos 'n skaduwee en hou nie stand nie." Hy pleit dat God hom tog tenminste hierdie kort lewetjie sal laat lei sonder goddelike plae, „totdat hy soos 'n dagloner hom tevrede voel met sy dag. Want vir 'n boom is daar verwagting: As dit afgekap word, dan loop dit weer uit, en sy loot ontbreek nie . . . . *maar 'n man sterwe en is magteloos;* ja, 'n mens blaas die asem uit en – waar is hy? Die water verdwyn uit die groot waterplas, en die rivier droog uit en lê droog – so lê die mens daar *sonder om weer op te staan; totdat die hemele nie meer is nie, word hulle nie wakker of uit hulle slaap opgewek nie."* By Job dus hier nog geen hoop op enige vorm van saligheid ná die dood nie, ook nie van 'n opstanding nie, soos ook blyk uit die volgende verse: „As 'n mens sterwe, sal hy weer lewe? *Dan sou ek hoop al die dae van my stryd totdat my aflossing kom.* U sou roep, en ek sou antwoord . . . ." Soos Paulus sou hy dan ook kon sê: „Die lyding van die teenwoordige tyd is nie te vergelyk by die heerlikheid wat aan ons geopenbaar sal word nie." Maar hierdie evangelie ken Job nog nie. Wat weet Job van wat ons sing in Ges. 189:6:

„Die hoop bring in ons leed versagting;
kom, reisgenoot, die hoof omhoog! . . ."?

Op sy bange vraag na 'n opstanding gee Job self die troostelose antwoord: „Soos 'n berg stukkend val deurdat dit inmekaar stort . . . so is die verwagting van 'n mens – U maak dit tot niet. U oorweldig hom *vir ewig,* en hy gaan

heen; U verander sy gelaat en stuur hom weg . . . net sy vlees aan hom voel pyn, en sy siel in hom treur."

Waar dit die grondtoon is van die gedagtes van outestamentiese vromes oor die dood en die hiernamaals, moet ons egter aan die anderkant erken dat dit nie die enigste is wat ons in die Ou Testament verneem nie. Selfs by Job skyn dit ten slotte deur te breek dat hierdie lewe met sy dood aan die end tog nie die laaste van die mens se lot sal wees nie: Job 19:25: „Maar ek weet: My Verlosser leef; en Hy sal as laaste oor die stof opstaan. En nadat dit alles my vel afgeskeur het, *sal ek nogtans uit my vlees God aanskou;* Hom wat ek sal aanskou my ten goede . . ." Ook by Asaf in Psalm 73 breek die gedagte deur van heerlikheid wat wag ná die dood. Die hele Psalm spreek van skrille teenstellings tussen die lot van die vrome en die goddelose. Eers is die teëstelling baie ongunstig vir die godvresende mens op aarde, soos blyk uit Asaf se lewenservaring. Maar dan breek die lig vir hom deur, as hy, vanuit die heiligdomme van God, insig kry en let op die „einde" van die goddelose, vir wie alle verwagting en vreugde by die dood ophou, en daarteenoor stel hy sy eie hoopvolle bestemming soos hy dit nou van God leer verstaan het: „Maar ek is altyddeur by U; U het my regterhand gevat. *U sal my lei deur u raad en my daarna in heerlikheid opneem . . . al beswyk my vlees en my hart – God is die rots van my hart en my deel tot in ewigheid."* Uit die teëstelling self, soos die lot van die goddelose by sy dood gestel word teenoor sy eie, moet dit duidelik wees dat Asaf bepaald 'n „opneem-in-heerlikheid" ná sy dood verwag, soos ook verder blyk uit die woorde dat God „sy rots tot in ewigheid" is. Altyddeur is hy by God, wat sy hand gevat het, wat hom lei en sal opneem in heerlikheid, en sy deel bly tot in ewigheid. In vs. 27 word weereens daarteenoor die lot van die goddelose gestel: Hulle sal „vergaan". Maar nie Asaf nie. Hier het ons bepaald reeds 'n voorsmaak van die roemtaal van Paulus (Rom. 8): „Wie sal ons skei? . . . Ek is versekerd dat geen dood . . . ons sal kan skei van die liefde van God . . . nie." Asaf is daar

diep bewus van dat selfs die ineenstorting van die liggaam by die dood nie kan verhinder dat God sy deel vir ewig sal bly nie. Die liggaam sal wel vergaan – nogtans! . . . Ook hier is dit 'n geval van „neergewerp (deur die dood) maar nie vernietig nie" (II Kor. 4) en „die gelowige sal lewe al het hy ook gesterwe." God laat nie vaar die werke van sy hande nie – ook nie eens tydelik ná die dood nie.

Maar leer die Ou Testament dan nie 'n ondeelbare en onskeibare eenheid van die mens nie? Is dit nie heeltemal in stryd met die Ou Test. om selfs 'n gedagte te vorm van 'n lewe van die mens, of 'n voortbestaan van die mens nadat die liggaam gesterf het nie? Terwyl ons graag erken dat gedagtes soos by Psalm 73 sporadies voorkom in die Ou Test., kan ons nie toegee teenoor sommige geleerdes van ons tyd, dat die Ou Testament niks weet van 'n voortbestaan van die siel ná die dood nie. Ons vind hieroor nie 'n leerstuk in soveel woorde in die Ou Test. nie, maar ons kan tog let op enkele verdere gegewens wat wel 'n minder of meer bewuste voortbestaan van die siel of gees ná die dood veronderstel of suggereer;

(1) In Gen. 2 lees ons dat God aan die mense gesê het: „Want die dag as jy (van die boom) eet, sal jy die dood sterwe." Hulle het geëet en het nog honderde jare ouer geword, voordat hulle „gesterwe" het. Die woord van God is waar, en as Hy sê „dié dag," dan is dit so. Adam en Eva het gesterwe dié dag toe hulle gesondig het. Innerlik het hulle gesterwe. Hulle is van die gemeenskap met die lewende God afgesny deur die sonde. Hulle word uitgedryf uit die Paradys, simbool ook van die mens se uitdrywing uit die koninkryk van die Hemele na die „buitenste duisternis, waar daar geween sal wees en gekners van die tande." Hierdie uitwerping om in die verdoemenis gewerp te word, (uiteindelik) word in Openbaring 15:20 genoem „die tweede dood." Maar dan ook „dood", en wel in sy mees intense, sy uiterste vorm: En daar is bewuste lyding: bewussyn! In Gen. 2 het ons duidelik 'n begrip van die dood, as besoldiging van die sonde, wat nie bestaan in die uitblaas van die laaste asem en die sterwe van die liggaam nie. Dit is allereers 'n geestelike dood, wat weer nie gesoek

moet word in vernietiging of bewusteloosheid van die gee van die mens nie. Adam en Eva is geestelik dood, hoewe nog by volle bewussyn op die aarde. Hieruit blyk dit da geestelike bewusteloosheid of vergaan van die siel ná di aflegging van die liggaam glad nie hoef te volg as nood saaklike kenmerk van dood-wees nie. Hierby sluit aan di woord van die Here Jesus in die Nuwe Testament (Joh 5:24-25): „Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie my woord hoor en Hom glo wat my gestuur het . . . het oorge gaan uit *die dood* in die lewe. Voorwaar voorwaar Ek sê vir julle, daar kom 'n uur, en dit is nou, wanneer die *dode* die stem van die Seun van God sal hoor; en dié wat dit gehoor het, sal lewe." Duidelik is die *dode* hier mense wat met volle bewussyn met liggaam en siel op die aarde is en die Evangelie hoor. Dis hulle wat „midde in die dood lê", en hulle miskien tog verbeel dat hulle lewe.

Die dood, in egte bybelse betekenis, is iets kwalitatiefs, iets veel ernstiger as ophou om te bestaan deur die afsterwe van die liggaam. Dit het sekerlik wel met die liggaam ook te doen, maar dit het 'n „angel" soos Paulus sê, en die angel is die sonde. En die dood as sondestraf is dit eers in volle sin wanneer dit die mens tref as oordeel van God, wanneer ook ná die aflegging van die liggaam die toorn van God nog op die mens bly (Joh. 3:36). Maar hierdie angel het die natuurlike dood vir die gelowige verloor, volgens die Evangelie (I Kor. 15).

(2) In Gen. 25:8 lees ons aangaande die dood van Abraham: „En Abraham het die asem uitgeblaas en in goeie ouderdom gesterwe . . . en hy is by sy volksgenote versamel." Let wel, Abraham se volksgenote het gewoon waar hy ook vandaan kom, namelik in Mesopotamië. Maar hy word volgens vs. 9 deur sy seuns „begrawe in die spelonk van Magpela . . . oos van Mamre," d.w.s. in die land Kanaän! Abraham by sy volksgenote, maar sy lyk in 'n graf te Mamre!

(3) Dieselfde gedagte kry ons weer in Gen. 36:49: „Isak het die laaste asem uitgeblaas en gesterwe, en hy is by sy volksgenote versamel. . . . En sy seuns . . . het hom begrawe."

(4) In Gen. 49:33 lees ons weer dat Jakob (in Egipte) sterwe; „en hy is by sy volksgenote versamel"! Hy is toe nog nie begrawe nie, maar is gebalsem en eers later, soos hy versoek het, in die spelonk van Magpela begrawe. Die liggaam gaan na die graf: Jakob gaan na sy volksgenote!

(5) In II Sam. 12:23 sê Dawid van sy pasgestorwe kind, wie se lyk nog nie begrawe is nie: „Ek gaan na hom, maar hy sal na my nie terugkom nie." Die kind is êrens heen verhuis, êrens waar sy lyk nie is nie.

(6) In Gen. 37:35 sê Jakob: „Treurende sal ek na my seun in die doderyk afdaal." Jakob veronderstel Josef is dood. Hy is nie begrawe nie, want 'n roofdier het hom opgeëet. Tog sal hy „na hom toe in die doderyk gaan" wanneer hy treurende self sal sterwe! By Jakob word dit duidelik veronderstel dat daar nog iets van sy seun in die doderyk is, terwyl die liggaam verteer is. (Dis hierdie „iets" wat die Kerk noem die onsterflike siel – „onverganklike" siel sou m.i. beter wees.)

Ons kry dit deurgaans in die Ou Testament dat by die dood gesê word dat die liggaam begrawe word, na die graf gaan, maar die persoon of die „siel" daal neer in die doderyk. Die twee is geen sinonieme nie, want nooit verwissel die uitdrukking nie, nooit word van die lyk beweer dat dit na die doderyk gaan nie. Ook lees ons nêrens dat die siel na die graf gaan nie, maar wel word gesê dat die siel na die doderyk gaan, of tenminste deur die doderyk ontvang sal word by die dood: Psalm 49:16; 89:49; 30:4; 86:13. Die Kerk druis dus nie in teen die Ou Testament deur te leer dat by die dood die siel na 'n ander plek as die liggaam gaan nie.

In verband met ons onderwerp moet ons ook nog let op die gebruik van die woord „gees" in die Ou Testament. Die woord word gebruik vir die Gees van God; ook vir engele as „geeste." Verder vir onreine geeste, bose geeste, leuengeeste, ens. – in alle gevalle nie-stoflike wesens, maar lewendig en met volle bewussyn. Dieselfde woord word ook gebruik vir die gees van 'n mens, lewende en gestorwe mense. En altyd word bewussyn duidelik veronderstel. By

die dood word die „gees gegee," 'n tipiese Ou Testamentiese uitdrukking vir „sterwe". Daarteenoor, wanneer die dooies herlewe, kom die gees weer in hulle: Eseg. 37:10. In Prediker 12 word die ouderdom en uiteindelik die dood van die mens beskrywe, en dan lees ons dat die stof na die aarde terugkeer en „die gees na God terugkeer wat dit gegee het." Die mens bestaan ook volgens die Ou Testament dus nie uit een element nie, maar uit stof en gees. Wanneer die stoflike liggaam ontbind, wil dit nog nie sê dat daarmee ook die geestelike deel ontbind of vergaan nie. Só, kan ons die dood noem die skeiding van gees en stof.

Deur nog meer konkrete voorbeelde veronderstel die Skrif (O.T.) die voortbestaan van die mens se gees of siel ná die dood:

Op verskillende plekke word dit verbied dat Israel die geeste van afgestorwenes sal aanroep of raadpleeg. Dit word nie as iets onmoontliks voorgehou nie, maar slegs as iets sondigs veroordeel, bv. Lev. 19:31; Deut. 18:11. In Jes. 18:11 vra die profeet: „Moet vir die lewende die dode gevra word?" By Israel leef dus blykbaar die gedagte dat die dode tog ook bewussyn het, tog ook iets weet, al is hulle in die doderyk. Die dooies het nie opgehou om te bestaan nie, hoewel hulle nie „lewendes" genoem word nie, maar „dooies." Hier sien ons weer dat „dood" ook in die O.T. nie algehele vernietiging van die mens beteken nie, maar dat daar tog iets voortbestaan ook nog in die doderyk. In Jes. 29:3 profeteer hy teen Ariël, en deel van die strafgerig is dat Ariël soos 'n dooie sal word hierin: „ . . . . jou stem sal uit die grond opkom soos dié van 'n gees van 'n afgestorwene, en uit die stof sal jou woord piep." Ook hier word deur die profeet veronderstel dat die gees van 'n afgestorwene nogtans spreek, al is dit in 'n piepgeluid.

Maar genoeg. Laat ons nou van die skaduagtige gegewens van die Ou Testament oorgaan na die Nuwe Testament; en hier skyn helder lig. Hier hoor ons geen onsekere geluid omtrent die vraag van die voortbestaan van die siel ná die dood nie.

Hier leer ons in die eerste plek uit die mond van Hom self wat Heer is van lewe en dood. Jesus sê: „Vrees nie

diegene wat *alleen* die liggaam kan doodmaak nie, maar vrees Hom wat beide liggaam en siel kan verderf in die hel." Wie die liggaam dood, laat die siel nog onaangetas bly, maar God kan liggaam en siel in herstelde eenheid die „tweede dood" aandoen – d.i. verderwing in die hel.

Wanneer Stephanus dan ook gestenig word deur hulle wat alleen die liggaam kan doodmaak, dan is daar geen sprake van vernietiging of doding van sy siel nie, maar roep hy Jesus aan met die woorde: „Here Jesus, ontvang my gees."

In Opb. 6:9-11 beskryf Johannes vir ons hoe hy by die oopmaak van die sesde seël die siele gesien het van die martelare. Hulle is onder die altaar (in die hemelse tabernakel). Hulle is by volle bewussyn want hulle roep God aan, en God spreek hulle aan, terwyl aan elkeen van hulle wit klere gegee word en aan hulle gesê word dat hulle nog 'n klein tydjie moet rus. Hier het ons lewende wesens met geheue en verstand en selfbeheersing! Hulle word genoem „siele". Hulle liggame is in die grafte op die aarde.

Jesus self het, toe Hy aan die kruis sterwe, sodat die liggaam begrawe sou word, die woorde geuiter: „Vader, in u hande beveel Ek my gees."

Besonder ondubbelsinnig, en vir geen ander uitleg vatbaar nie, is die tweede kruiswoord: „Voorwaar sê Ek vir jou, vandag sal jy met My in die Paradys wees." Elke woordjie hier was Evangelie, verrassende blye boodskap aan die moordenaar. Hy pleit dat Jesus aan hom sal dink, eendag, as „Hy in sy koninkryk sal kom." Jesus belowe, nie eendag nie, maar „vandag" reeds saligheid, namelik deur met Hom in die Paradys te wees. (Die Paradys is 'n deel van die doderyk, dié deel waar die saliges vertoef tot by die opstanding). Die moordenaar se liggaam word by Jerusalem begrawe en vergaan, maar tog is hy dieselfde dag by Jesus in die salige oord. Duideliker kan dit nie verkondig word nie.

Dieselfde geld vir die liggaam en siel van Jesus; Sy

liggaam kom in die graf van Josef, maar Hyself is „van dag" nog, wanneer hulle sy liggaam begrawe, in di Paradys. Hy spreek as mens.

Dan is daar die gelykenis van die ryk man en Lasarus, of liewer moet ons sê „die verhaal." Want Jesus vertel di as verhaal om daarmee, soos in al sy gelykenisse, waarva sommige ander ook verhale was, belangrike en fundamentele waarhede van die Koninkryk van God te verduidelik. Sonder om nou oor die hele inhoud en strekking van hierdie gelykenis uit te wei, is van belang vir ons onderwerp twee waarhede:

(1) Beide die ryk man en Lasarus behou hulle bewussyn en bestaan voort ná die dood, die een in saligheid, die ander in smarte, terwyl albei se liggame begrawe word op die aarde: Duidelike skeiding tussen die liggaam en die siel dus by die dood, terwyl die siel voortbestaan. Só leer die Kerk ook.

(2) Sommige mense wat Moses en die Profete, d.w.s. die Heilige Skrif tot hulle beskikking het, leef in sorgloosheid voort en verkeer in (skuldige) onwetendheid van die onsalige lot wat hulle wag onmiddellik ná die dood. Die Skrifte behoort voldoende waarskuwing te wees, sodat hulle wat waarlik glo wat daarin staan, behoort te kan weet wat hulle wag ná die dood. En hulle wat die Skrifte nie wil glo nie, vir hulle sal dit ook nie help om hulle te probeer oortuig nie, selfs al sou ook een van die afgestorwenes, wat uit eie ondervinding kan spreek, opstaan om die mense te waarsku.

In die Bybel val die hoofnadruk egter nie op die lot van die verlorenes nie, maar wel op die onmiddellike en onafgebroke oorgaan vanuit die dood na die ewige lewe as vrug van die verlossingswerk van Christus vir die gelowiges.

Die Joodse leiers in die dae van die Here Jesus het hulle aan die eenkant nie laat oortuig dat die onsalige lot van die ryk man op hulle wag vanweë hulle ongeloof en verwerping van die Christus nie, en aan die anderkant het hulle venynig die spot gedryf daarmee dat Hy die salige onsterflikheid van alle gelowiges verkondig het, soos ons

reeds in die begin aangehaal het. Maar vir hulle wat die volle Evangelie geglo het en nog glo staan dit vas dat nie net „eendag" as Christus in sy Koninkryk sal kom, daar 'n opstanding uit die dode sal wees nie, maar dat ons in Christus nou reeds op aarde die ewige, onverganklike lewe besit en onafgebroke sal bly besit in voller heerlikheid wanneer ons die liggaam aflê, totdat eenmaal die volmaakte saligheid sal aanbreek, wanneer ook die liggaam in onsterflikheid opgewek en met die siel verenig sal word, wanneer Hy ook ons vernederde liggame aan sy verheerlikte liggaam gelyk sal maak en ons met Hom as konings sal regeer.

Van hierdie groot lig getuig Paulus ook in triomfantelike toon: „Daarom gee ons die moed nie op nie, maar al vergaan ons uiterlike mens (die liggaam) ook, nogtans word die innerlike mens dag na dag vernuwe . . . want ons weet dat as ons aardse tentwoning afgebreek word (die liggaam), ons 'n gebou van God het, 'n huis nie met hande gemaak nie, ewig, in die hemele." Paulus sê verder dat ons wat nog in die tent is, liewer nie ontklee wil word nie, d.w.s. ons wil liewer nie die bitter ondervinding van te moet sterwe deurmaak nie. Ons wil liewer oorklee word . . . soos wat sal gebeur met die lewende gelowiges by die wederkoms. Hulle sal glad nie sterwe nie, maar hulle liggame sal skielik verander word om onsterflikheid te verkry. Maar in hierdie voorreg kan ons almal nie deel nie. Ons moet eers sterwe. Tog troos Paulus homself en die gemeente met die woorde: „Daarom het ons altyd goeie moed en weet dat as ons in die liggaam inwoon, ons van die Here uitwoon . . . . en (ons) verkies liewer om uit die liggaam uit te woon en by die Here in te woon," II Kor. 5. Op 'n ander plek, Filip. 1:21-24, getuig hy van 'n sterk „verlange om heen te gaan (deur te sterwe) en met Christus te wees," (dit is by hom 'n vaste sekerheid) „want dit is verreweg die beste." Daarom kan hy ook sê dat die „sterwe wins" vir hom is. Petrus spreek van 'n „tentwoning" wat hy aanstonds sal aflê om „heen te gaan" — nie om uitgeblus te word nie! (II Pet. 1:14-15).

Wanneer Jesus aan Martha hierdie deel van die Evan-

gelie verkondig, nl. dat die gelowige ook ná sy dood sa lewe, dan vra Hy haar (Joh. 11:26) „Glo jy dit?" Dis iet wat sy nog nie geweet het nie, hoewel sy self getuig da sy weet van die *opstanding,* en die vraag nou is of sy ook dit wil glo op sy gesag. Hierop antwoord sy beslis: „Ja Here." Hy is tog die Christus, die Seun van God. Wat Hy sê is die waarheid. Maar die eiewyse Joodse leiers sê aangaande dieselfde vraag: „Nou weet ons dat U van die duiwel besete is."

Die Kerk verkondig nog steeds in sy belydenisskrifte en sy prediking dieselfde dinge, en dit word gewoonlik gemaklikheidshalwe saamgevat en genoem die leer van die onsterflikheid van die siel. Nou hoor ons nie meer in ons dae dat ons of die Kerk hieroor van die duiwel besete is nie, maar ons hoor iets anders: Nou beweer sekere geleerde teoloë dat ons dit van die Griekse filosowe en hulle heidense godsdienste geleer het.

Hierdie ontkenning en verdraaiing van die bybelse Kerkleer tref ons nie nou meer net aan by sekere sektes nie, maar ook ongelukkig onder protestantse teoloë van naam, van wie sommige uit die Nederlandse Hervormde Kerk. Maar al sou 'n engel uit die hemel ook hierdie deel van die Evangelie wil bestry en aan ons iets anders verkondig, moet l.g. tog as dwaalleer bestry word (Gal. 1:8-9) en moet die Kerk tot die einde toe voortgaan met hierdie leer, soos ons dit ook ontvang het. Want ons het geglo, daarom spreek ons ook (II Kor. 4:13).

J. J. ENGELBRECHT.

Delareyville.

———::———

TANS EN TOE

VANDAG is elke Predikant van ons kerk in besit van 'n redelik goeie motorkar vir gebruik in diens van die gemeente. Die gemeentes voorsien 'n redelike bedrag vir die bestryding van die koste. In die meeste gevalle koop die Ds. self 'n kar en die gemeente betaal 'n vaste bedrag jaarliks waaruit die lopende koste verhaal word en die voertuig gekoop word. Die paaie is vandag in redelik goeie toestand, sodat dit moontlik is om vinnig oor selfs lang afstande oor die weg te kom. Baie gemeentes is nog groot in oppervlakte en in die skraal-bewoonde dele is daar nie ander paaie nie, as alleen paaie met 'n gruisoppervlakte en gedurende die wintermaande, baie stof. Predikante wat in amptelike drag oor sulke paaie moet reis, het 'n nimmereindigende stryd teen die stof. Vroeër was dit anders. Die Dominees wat ons voorgegaan het, en ook van die oueres wat nog lewe, ken ander omstandighede.

Die eerste Predikante in Transvaal het met die ossewa gereis. Die Kerkraad het vir die reisgeriewe gesorg. Wanneer die Predikant sy tuiste verlaat, het hy sy nodige klere en boeke geneem. Origens was dit nie alleen die verpligting van die Kerkraad nie, maar ook hulle voorreg om die dominee te vervoer, maar hulle het ook vir die nodige kos en verblyf gesorg. Nooit het hulle die Predikant alleen laat reis nie. Dit was ook hulle eer om hom voortdurend van geselskap te voorsien en al die nodige. Uit die aard van die saak het met die langsame beweging baie tyd verloop voordat die tuisplek weer bereik is. Wanneer die Predikant sy tuisplek verlaat, is noodwendig begryp dat enige gebeurtenis by die tuisplek buite sy behartiging val. Moontlike sterfgevalle is, wat die begrafnis betref, deur 'n ouderling of ander voorganger waargeneem. Later is gebruik gemaak van kar en perde om die Predikant van plek tot plek te vervoer. Daar is nog baie mense wat uit die tyd van die perdekar aangename herinneringe daarop nahou, toe hulle as jong manne gekies is om die Predikant te gaan haal en weer terug te besorg. Prettige voorvalle

het voorgekom. Eenkeer het twee jong lede opdrag ontvang om die Predikant op Pietersburg te gaan haal met die oog op die Nagmaalsviering in Koedoesrand. Met die geselskap se aankoms by die Mogalakween-rivier het die water baie hoog geloop. Die jong manne het hulle ontdoen van soveel klere as moontlik en die Ds. het bo-op die sitbanke gestaan en vasgehou aan die tentsporte. Terwyl elkeen van die manne op 'n perd voor die kar geklim het, is die deurtog aanvaar. Dit het sonder ongeval gegaan en alleen die Ds. se voete en bene was nat. Sy enigste opmerking na die deurtog was: „Nooit in my lewe het ek 'n blote man op 'n blote perd sien ry nie."

Nadat wyle Ds. Brandt in Johannesburg gevestig is, het hy in die eerste jare met 'n motorfiets gery. Die paaie, veral op die Oos-Rand, was indertyd nog nie geteer nie, en in die reëntyd het dit dikwels 'n woeste rit afgegee.

Wyle Ds. Ennis het in die jare terwyl hy op Ermelo gewoon het, bekendheid verwerf as 'n geweldige jaer met kar en perde. 'n Beul het gedien om enige beweegbare versperrings uit sy pad te verwilder. Baie ou mense onthou nog die indrukwekkende reise van Ds. Ennis na Chrissies-meer na die plaas van ouderling Meyer.

Die trein is ook gebruik voordat die motors algemeen geword het. So moes een van ons tans nog diensdoende Predikante op 'n keer die Nagmaal gaan bedien in Bets-joeanaland maar as gevolg van 'n misverstand moes hy, nadat hy afgeklim het op 'n verlate halte, vanaf die laat middag tot die volgende more maar daar langs die spoor vernag, en met die volgende trein terug huistoe reis en daar het van die Nagmaalsviering daardie naweek niks gekom nie.

Die motorkarre het baie verandering gebring. Terwyl daar maar steeds 'n tekort aan Predikante was en nog is, het die motor baie gehelp om een Predikant op plekke te bring, ver uitmekaar, en so kon die werk voortgaan. Om 'n afstand van 200 myl ver te ry om byvoorbeeld 'n begraf-nis te hou en weer die 200 myl dieselfde dag terug te ry, was nie ongewoon selfs 'n paar jaar gelede nie en kom nog voor in Suidwes, Rhodesië, Natal en Oos-Afrika. In die

jare wat ek in Noord-Transvaal gewoon het, was my gemiddelde mylafstand meer as 3,000 myl per maand, en daar is seker nou nog van ons Predikante wat hierdie syfer moontlik oortref. Egter het daar gelukkig 'n tyd aange-breek dat van daardie groot gebiede nou meer Predikante het.

Mens kan 'n goeie denkbeeld vorm van die tyd wat 'n Predikant deurbring op reis. Daarom is dit ook nie te verwonder nie, dat Predikante veelal 'n swerwersbestaan voer.

Eenkeer het dit gebeur dat die Gemeente vir die aand-diens vergader het, maar die Predikant daag nie op nie. Daardie klompie mense in Oos-Londen was diep geskok toe die tyding aan hulle gebring is, daar in die vergader-plek, dat hulle Dominee op weg, vanaf Cathcart waar hy die middagdiens gehou het, verongeluk het. So het die herderlike loopbaan van Ds. A. J. Barger geëindig.

In die stede het 'n nuwe faktor na vore gekom – die verkeersprobleem. Die afstande wat daar gery word, is minder as in gebiede op die platteland, maar die spanning en vermoeienis van die gedurige drukte is steeds daar.

Inderwaarheid is dit so, dat in die hedendaagse lewe die Predikant eintlik nooit tot rus kom nie. Die behoeftes van mense en hulle nood bring mee dat Dominee maar steeds êrens is, en baie min tuis. Laat in die aand is die stadsdominee nog besig met herderlike besoek, en waar vroeër die Ouderling die koetsier van die Predikant was, is die Predikant nou die man wat die Ouderling rondneem. Gelukkig maar dat daar nog altyd kerkraadslede is wat met graagte hulle dienste gee in belang van die Gemeente van die Here. Een van ons geliefde ouere Predikante het altyd skertsend gesê: „My motortjie is my hulpprediker!" In ons Kerk is hulle die enigste soort hulppredikers wat ons ken, maar hulle is waardevol. As A. G. Visser die saak so sien, dat die lede die ledekant is waarop die Predikant heerlik rus, dan is ook die anderkant te besien, naamlik dat die sitplek van 'n motorkar die plek is waarop Dominee 'n groot deel van sy lewe slyt en verslyt.

Boksburg, Tvl. G. P. J. GROBLER.

DIE WERK VAN DIE B. EN B. BYBELGENOOTSKAP

DIE Bybel wat u in u besit het, word aan u voorsien deur bogenoemde Genootskap wat in 1954 reeds 150 jaar sal bestaan.

Groot gebeurtenisse in die wêreldgeskiedenis het meestal gevolg op skynbaar onbenullige oorsake en so het dit by uitstek ook in die loop van eeue in die christendom gegaan.

'n Stukkie papier op die deur van die slotkerk van Wittenberg het die groot en geseënde Reformasie ingelui en het Gods Woord weer die ereplek in Kerk en individuele lewe laat inneem. Uit die Hervorming spruit dan ook die noodsaaklikheid van Bybelvertaling en Bybelverspreiding. En tog het dit nie so vlot gegaan nie, want byna 200 jaar nadat 'n begin gemaak is met die ou Nederlandse State-vertaling, was die Bybel slegs in 72 tale beskikbaar.

Kan ons ooit dankbaar genoeg wees dat reeds die aanvoerders van ons volksplanting hier in besit was van die Nederlandse Bybel? Hoe anders sou die geskiedenis van Suid-Afrika gelees het as die begin hier sonder Gods Woord moes geskied het?

Voorwaar, Gods Voorsienige bestel is wonderlik . . . ook wat die totstandkoming van die Bybelgenootskap betref, want dit het ontstaan in 'n tyd toe (menslik gesproke) dit nie kon ontstaan nie. In 1804, die stigtingsjaar van die Bybelgenootskap, was Napoleon Bonaparte die skrik van heel Europa en die gevolge van oorlog naamlik, honger, verwoesting en ellende het nie uitgebly nie. Die horison was donker en na die mens gesproke was daar geen dageraad nie. Dus ook nie die tyd om te dink aan iets anders as die nood van die daaglikse brood nie.

En tog, juis toe, het die Genootskap ontstaan om te voorsien in die ware brood van die lewe. Sedertdien is die getal vertalings van 72 opgeskuif na 1,132 en is meer as 700 miljoen Bybels en Bybeldele in die wêreld versprei. Die Genootskap is nie die stigting van 'n bepaalde Kerk nie,

behoort ook aan geen Kerk nie, maar is 'n organisasie wat alle protestantse onderneminge dien.

Twee groot beleidsake is nog altyd deur die Genootskap gehandhaaf, tewete die verspreiding van die Bybel so goedkoop as moontlik en dan so vinnig as moontlik. Vergelyk die prys van u Afrikaanse Bybel met enige ander boek en u sal verbaas staan. In normale tye het die Bybelgenootskap 'n verlies gely van 60% aangesien die Bybel so ver benede die werklike koste aangebied word. Waar dit voorheen £1 gekos het om 'n paar Bybels te druk, kos dit tans £3-10-8 vir dieselfde aantal. M.a.w. produksie- en verspreidingskoste het met 250% gestyg terwyl die verkoopprys van Bybels nie eweredig verhoog is nie.

Hoe is dit nou moontlik om nog Bybels aan die wêreld beskikbaar te stel gesien die groot geldelike verlies? Die antwoord is dat die verliese tot 'n mate aangevul word deur vrye bydraes van individue en Kerke. Ons gaan van die standpunt uit dat van elke selfstandige Kerk tenminste verwag kan word om deur middel van sy bydrae die verlies te vergoed van die Bybels wat aan hom verskaf word. Dat dit in Suid-Afrika nog nie sover gekom het nie is 'n treurige feit. Wat die drie Afrikaanse Susterkerke betref is nie een vry te pleit nie. En van alle Kerke in die wêreld het ons die minste verskoning, aangesien ekonomiese toestande hier so gunstig vergelyk met ander lande.

Wanneer dus deur middel van hierdie artikel 'n baie dringende oproep gedoen word op die Nederduitsch Hervormde Kerk en sy lede, om ondersteuning, dan is dit nie sonder rede nie. Bydraes van Kerkrade en individue sal met dank en persoonlike erkenning deur skrywer op onderstaande adres ontvang word.

Teneinde in die geweldige aanvraag na Bybels te voorsien, het die Bybelgenootskap £240,000 bo en behalwe sy gewone inkomste nodig en Suid-Afrika behoort maklik 'n tiende van hierdie bedrag bymekaar te kan bring. Juis daarom reken ons op die aktiewe samewerking van elke christengelowige.

Tenslotte net dit. Onder ons ouer mense is daar groot behoefte aan 'n Bybel met groter druk, en dan word dikwels

gevra: Hoekom maak die Genootskap nie 'n plan om so '
Bybel vir ons te gee nie? Dis nie die Genootskap wat ni
die plan wil maak nie! Trouens dit is jare al by ons '
plan, maar dit hang van die ondersteuning af wat ons va
die Afrikanervolk kry. Eers wanneer ons bydraes verbete
het, sal die Genootskap instaat wees om so 'n Bybel aa
ons te voorsien.

(Ds.) J. F. NAUDÉ,
Organiserende Sekretaris.

Posbus 639,
JOHANNESBURG.

———::———

Verteenwoordigers op die Vierde Vergadering van die Ring van Rhodesië.

DIE VIERDIE VERGADERING VAN DIE RING VAN RHODESIË

HIERDIE vierde vergadering van die Ring van Rhodesië was 'n gebeurtenis van besondere belang. Wat die geskiedenis van ons Kerk in Rhodesië betref, was dit *die eerste volwaardige Ringsvergadering wat nog ooit in N. Rhodesië gehou is.*

Vir die gemeente van N'Kana was dit dus 'n besondere voorreg dat die Ring op 27 en 28 Junie alhier kon vergader het. Die enigste feit wat aan die luister van die vergadering afbreek gedoen het, was dat die Administrateur van ons Kerk, Mnr. J. H. H. Janson, nie hier teenwoordig kon wees nie.

Al die gemeentes van die Ring was verteenwoordig behalwe Gatooma en Chipinga.

Tot lede van die Ringskommissie is verkies: Di. M. M. Grobler as Voorsitter en J. P. Oberholzer as Scriba en verder die Ouderlinge H. J. Visser, S. H. Boshoff en A. J. Gerber. Verder is ds. D. J. A. G. du Toit verkies tot vise-voorsitter en oudl. H. J. Visser tot vise-scriba.

Ds. M. M. Grobler het 'n besondere interessante uiteensetting gelewer van die Probleme en Metodes van Bearbeiding van ons gemeentes hier in Rhodesië. Hy het gewag gemaak van die groot arbeidsvelde onder die sorg van die Predikante in Rhodesië. Huisbesoek in hierdie uitgestrekte gebiede is besonder belangrik. Dit moet gesien word in die lig van Herdersorg, waarin die predikant tot sy lidmate kom as belangstellende vriend, maar ook in die besonder as die verkondiger van Godswoord. Niemand mag as 'n dooie lidmaat beskou of behandel word nie. Die Kerkraad moet hierin die predikant behulpsaam wees. Verder mag siekebesoek nie verwaarloos word nie.

Ds. J. P. Oberholzer het weer op 'n besondere boeiende wyse die Organisasie van die Gemeente bespreek. Waar Christus die Hoof van die Kerk is, mag ons as lidmate van Sy Kerk nie dooie lede wees nie. In breë trekke is aangetoon hoe predikant, ouderling, diaken, scriba en kassier hulle onderskeie dele kan bydra tot 'n goedgeorganiseerde gemeente. Vir intensiewer bearbeiding van 'n gemeente beveel hy kleiner wyke, so van tien huisgesinne, aan.

Ds. du Toit het weer op sy beurt in kort trekke die hooflyne van die sektewese behandel. As daar iets is waarteen ons moet waak en stry dan is dit teen die sekteverbrokkeling.

As vrug van die besprekinge het die gedagte van die daarstelling van 'n Ringsblad vir die twee Rhodesies vorm geneem. 'n Kommissie is benoem om die saak deeglik te ondersoek en na bevindinge die genoemde blad dadelik die lig te laat sien. Die gemeentes van beide die Rhodesies behoort hul volle belangstelling en ondersteuning aan hierdie onderneming te verleen, veral daar dit tot voordeel en seën van al ons gemeentes sal strek.

Uit die verslae wat behandel is, blyk dat ons lidmatetal 1,206 en ons sieletal 2,307 is. Gedurende die afgelope jaar 1951 is daar 97 kinders gedoop. Die gemiddelde bydrae per lidmaat oor die hele Rhodesië (d.w.s. Suid en Noord) vir die afgelope jaar het £5-8-0 beloop. Die totale bates van ons Kerk in beide die Rhodesies is £12,885, maar daarby dien in gedagte gehou te word dat alleen die gemeentes van Bulawayo, Gwelo en Salisbury vaste eiendomme besit, terwyl geen gemeente in N.-Rhodesië soiets besit nie.

Nadat al die werk afgehandel was, is die afgevaardigdes een na die ander in dankbare stemming weer terug na hulle besondere gemeentes om daar die seën wat hul vergesel, verder uit te dra en te versprei. En so is weer rekenskap van nog 'n jaar se werksaamhede, wat aan ons gemeentes in Suid- en Noord-Rhodesië gegun is, gegee.

(Ds.) D. J. A. G. DU TOIT.

N'KANA, 7 Julie 1952.

CARTHAGA DELENDA EST

(Carthago moet verwoes word.)

DIT was die slotwoorde waarmee die ou Romeinse senato Cicero elke toespraak in die Senaat afgesluit het. Di het betrekking gehad op 'n stad en klein imperium in N Afrika wat eers 'n Romeinse Kolonie was, maar later to 'n lastige mededinger en opstandige gewés teenoor di Moederryk Rome gestaan het. Carthago was ook een va die draers van die Romeinse kultuur en 'n sterk ou-christe like Staat.

Cicero het later sy sin gekry, nadat die Carthageens veldheer Hannibal met 'n leër in Frankryk geland, dwars oor die Alpe getrek en Rome ingeneem het. Die Romeins Ryk het deur inmenging en gedurige teenkanting teen di vir die Ryk strategiese aspirasies, van Carthago, 'n onver soenlike vyand gemaak. Carthago is verwoes en Rome kon daarna alleen koning kraai, maar met die platslaan van Carthago het Rome 'n onontbeerlike steunpunt vir sy Ryk en kultuur verloor, en wat meer is, die pad het oopgelê vir die Mohammedaanse magte wat al langs die noordkus van Afrika opgeruk, selfs Spanje binnegeval en daar vir eeue huisgehou het. Later het die heldhaftige Duitse keiser Karel Martel met opoffering van kosbare christenbloed die Mohammedane teruggedruk na N.-Afrika, maar die Chris tendom kon nie meer gered word nie en grotendeels is Rome self die oorsaak, soos hierbo aangestip. Dit was ook een van die aanleidende oorsake van die val van die Romeinse Ryk.

Hierdie stukkie geskiedenis het hom sedert die eeue heen pynlik herhaal en doen dit vandag nog, sonder dat die mensheid die nodige les daaruit leer en homself nog altyd onherstelbare skade berokken.

Terwille van die skyn-heerlikheid van „mags-ewewig," waaragter eintlik stoflike voordeel en handel geskuil het, is christenvolke deur ander christenlande uitgeroei of magteloos geslaan, met behulp van bondgenootskappe met

yande van die Christendom. Wat duidelik op die ou end s eindresultaat uitgestaan het, was . . . verswakking van lie christelike kultuur. 'n Tydelike opbloeiende handel :on nooit die verlies aan geestelike waardes vergoed nie. Dit lei op sy beurt onkeerbaar in die rigting van godsdiens oosheid, selfs vyandskap teen al wat godsdiens is, omdat hristenvolke die dinge gedoen het en nog doen, nl. om nekaar uit te moor. Een van die duidelikste vrugte is die Kommunisme, en in ons eie Afrika staan die aanstormende nagte van die Mohammedanisme skrikwekkend teen die noorder vasteland afgeteken, net soos destyds met Cartha go wat weerloos gemaak is.

Verwoes die ankers van die volkslewe:—Van uit die Buiteland is daar 'n onversetlike drang teen die Voortrek kerbeginsel van 'n „blank" beheerste Suid-Afrika. Selfs blankes doen mee aan die ondermyningswerk, sonder om te besef dat hulle hul eie graf grawe, want as „gelykstelling" seëvier, sal Barbarisme, Mohammedanisme en Rooms-Katolisisme eenvoudig skoonskip maak met die Christen dom.

Verwoes die christelike Voortrekkerstaat:—Ongeluk kig het die „politiek" dinge so vertroebel, ook deur in menging en aanblasing van buite, dat die eintlike beginsels wat op die spel is, nie meer in hulle ware perspektief raak gesien word nie, maar mense onder skynbaar verdedigbare leuses besig is om die groot betekenis van Hugenoot en Voortrekker te vergeet en te verwoes. Op die ou end sal dit nie 'n bepaalde party wees nie, maar die Christendom wat sal ondergaan. Dieselfde geld die christelik-nasionale onderwys. Doen daarmee weg, omdat dit in die pad van volksvreemde elemente staan en die resultaat is 'n kleur lose onderwys, onderwysers sonder christelike belydenis en . . . die pad lê wyd oop vir allerhande „ismes," want die behoudende volksgees word verwoes.

Verwoes kerklike sedes en godsdienstige instellings:— Dit raak die christelike huwelik. Al hoe meer Afrikaners sien nie meer die noodsaaklikheid van 'n kerklike inseëning in nie, ook nie meer die eis om op die weg van volksgods diens 'n lewensmaat te kies nie. Daarom die verwaterde

huisgesinne, waar kinders groot word sonder om gedo
of aangeneem te word, en so kry ons 'n „onbelydend
gemeenskap binne die Kerk en is daar geen eerbied me
vir die Woord, Sakramente en Gemeenskap van die heilig
nie.

Dit raak die „opvoeding" van ons kinders. Die „spo
gees" is stadig maar seker besig om die huislike lewe op
breek. Saamhorigheidsgevoel waar ons nog rondom
huisaltaar kan saambid en die ouerlike gesag as
beskermende, rigtinggewende en godlike ordinansie omhe
verdwyn teen 'n bedroewende tempo. Die ekonomiese ty
gees het dit nou al sover gebring, dat daar nie eens me
saam aan een familietafel geëet en oor die tafel gebid wo
nie. Ons kry dan ook vandag nie meer gehoorsa
„kinders" nie, maar „gehoorsame ouers" aan hulle kinder
Nie meer gehoorsaamheid aan die Woord van God ni
maar die Woord moet die belange van die mens gehoorsaa
en daarvolgens reggesny en gefatsoeneer word. God moe
aan die mens gehoorsaam wees. Daarom word aan di
Kerk die swye opgelê. Daarom moet „landseuns" hull
woorde van die kansel af sorgvuldig wik en weeg om to
nie „sekere mense" met die Waarheid seer te maak nie
maar uitlandse geestelikes mag frank en vry en ongehin
derd, instede van die Evangelie predik, hulle luidkeels uit
laat oor huishoudelike aangeleenthede in ons land. E
dieselfde vlees en bloed uit ons volksgeledere wat die Volks
kerk nie wil toelaat om te spreek oor dinge wat die gods
diens in die staat skade doen nie, hulle verroer nie 'n vinge
om die vertroebeling van buite af te stuit nie. Daar wor
dus gediskrimineer tussen Afrikaanse en uitlandse geeste
likes. Maar eintlik is dit: verwoes Carthago, breek di
Afrikaanse Protestantse Kerk en maak die pad vir Rom
en Mohammed oop en val terug in swart Barbarisme.

Verwoes snoere van saambinding:—Dieselfde geld on
volksfeeste. Die stem van die geskiedenis moet gesmoor
word. Die rooidoek van „politiek" word opgehang sodra
die geskiedenis spreek. Ek dink hier aan die gevleuelde
woord van wyle oud-ouderling A .D. W. Wolmarans tydens
sy deelname aan die kerklike stryd: „Feiten zijn koppige

dingen." Ons beskou die geskiedenis van Hugenote en
Voortrekkers as 'n vingerwysing van die Voorsienigheid
wat ons tot 'n eie volk geroep het met die bepaalde doel
om die lig van die Christendom hier te vestig. Verwerping
of teenstand van die geskiedenis is dan ook opstand teen
God. Dit bring verwatering en koersloosheid en die vloek
van geestelike en „bloed"-verbastering in sy nasleep. Volke
wat hulle geskiedenis huldig en hooghou, staan onwrikbaar
vas op die pad van die volkstoekoms. Daarvan getuig,
om maar een voorbeeld te noem, die volk Israel.

Die oplossing teen die verwoestingsgees? Die kinders
van Hugenote en Voortrekkers moet bymekaar staan, hulle
eie huishouding inrig op die weg van wat aan hulle oorge-
lewer is en hulleself afvra: watter dinge gaan ons behou as
Godgeroepe volk, en alle ander dinge wat hierteen indruis,
eenvoudig verwerp. Dan eindig alle partyskappe.

P. J. J. VENTER.

VERKONDIG DIE DOOD VAN DIE HERE, TOTDAT HY KOM

DAAR is een merkwaardige besonderheid in verband m die nagmaal van die Here wat ons tot ons geesteli skade maar alte dikwels uit die oog verloor, en dis naaml dit *dat die nagmaal 'n band is tussen die eerste koms v Christus in diensknegsgestalte en Sy tweede koms in glo en majesteit.*

Die eerste koms van Christus lê agter ons rug, en v hierdie eerste koms is die nagmaal *die gedenkteken;* d tweede koms van Christus lê nog in die toekoms en v hierdie tweede koms van Christus is die nagmaal *die onde pand.* Die nagmaal wys ons nie net terug na die verled na die lyde en kruisdood van Christus nie, maar ook voor na die toekoms, na die wederkoms van Christus in heerli heid en verseker ons telkens weer dat Hy kom.

Wanneer ons nagmaal vier, roep die heilige tekens e seëls van die sakrament – die gebroke brood en die vergot wyn – die borgtogtelike lyde en sterwe van Christus in on dankbare herinnering terug. Ons vier dan gedagtenis va die soenoffer wat Christus vir ons gebring het en da jubel dit in ons binneste: „Hy is terwille van ons oortr dinge deurboor, terwille van ons ongeregtighede is H verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was o Hom, en deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom So is dit goed. So moet dit ook wees. Daarom stel ons d ook op prys om telkens weer nagmaal te vier en onder di indruk te kom van wat ons redding die Here Jesus gek het. Ons mag die duur bloedprys wat Hy vir ons beta het en waardeur ons behoudenis versekerd is, nie verge nie. Dit sou skuldige ondankbaarheid wees.

Maar hiermee is nie alles gesê nie. Daar is meer. E dis juis *dit* wat ons so dikwels vergeet.

Want let daarop: wanneer ons nagmaal vier, moet on nie net agtertoe kyk nie, want die nagmaal is tewens oo vir ons die waarborg dat Christus weer kom. Elke nagma herinner ons nie net aan die volbragte plaasbekledend

verdienste van Christus nie, maar is 'n herhaalde heenwysing na die wederkoms van Christus en 'n aansporing om hierdie verwagting lewendig te hou. Die nagmaal is dan ook 'n skakel tussen die eerste en die tweede koms van Christus. So dikwels as ons hierdie brood eet en hierdie beker drink, verkondig ons die dood van die Here – en ons doen dit in gehoorsaamheid aan die opdrag van Christus en hou daarmee vol – *totdat Hy kom.*

Die wêreld het Christus by Sy eerste koms nie verwelkom nie. In diensknegsgestalte en kindereenvoud het Hy gekom. Hy moes in 'n krip neergelê word, omdat daar vir Hom geen plek in die herberg was nie. Geen plek nie – dit sou Hy dwarsdeur die dae van Sy aardse omwandeling ondervind. Nouliks was Hy gebore, of daar is 'n bloedige poging aangewend om Hom om die lewe te bring en Josef en Maria moes met die Kindjie oor die landsgrens vlug. By 'n seker geleentheid het Jesus verklaar dat die jakkalse gate het en die voëls van die hemel neste, maar dat die Seun van die mens geen plek het waar Hy Sy hoof kan neerlê nie. Nog altyd geen plek nie! Die vyandskap teen Hom het intussen al meer gegroei. As Hy op die fees van die tempelwyding in Jerusalem op 'n vraag van die Jode verklaar, dat Hy die Messias, die Seun van God is, dan jubel dit nie in hulle hart oor die vervulling van die heilsprofesie uit die Ou Verbond nie, maar dan ontvlam hulle in woede en tel klippe op om Hom te stenig. Die evangelis Johannes sê dan ook nadruklik dat Jesus na Sy eiendom gekom het, maar Sy eie mense het Hom nie aangeneem nie. Hy was in hulle oë 'n verworpeling. Hulle het Hom nie as die Messias erken nie. Die Joodse Raad het oplaas spesiale vergaderings in Jerusalem gehou om oor Sy dood te besluit en eindelik het dit hulle, met medewerking van die verraaier Judas, geluk om Jesus gevange te neem. Valse getuie is opgeroep en Hy is deur die Sanhedrin tot die smadelike kruisdood veroordeel. Hulle het daarop die Romeinse regter gedwing om hierdie onregverdige vonnis te bekragtig. As 'n uitgeworpene is Hy gekruisig. Buitekant Jerusalem, want Hy is nie werd geag om binne die heilige tempelstad te sterwe nie. Daar op die heuwel van

Golgota moes Hy die skanddood van 'n vervloekte misdad
ger sterwe!

So het die wêreld Jesus wat gekom het om te soek en
red wat verlore was, ontvang en behandel. Hulle het Ho
verag en verwerp, mishandel en doodgemaak. Vir Ho
was daar geen plek nie.

Maar hulle toeleg het misluk, want kyk, juis deur S
dood het Hy oorwin!

Op die derde dag het Hy uit dood en graf opgestaa
en kort daarop triomfantelik na die hemel opgevaar en i
verhoog aan die regterhand van God en het 'n Naa
ontvang wat bo elke naam is, terwyl twee engele by S
hemelvaart die hernude versekering gegee het, dat Hy wee
sou kom.

Wanneer Hy weer kom, sal dit dan ook nie wees i
nederige diensknegsgestalte en kindereenvoud nie, maa
as oorwinnaar en regter. Dan sal die rolle omgekeer wees
Hy wat eenmaal veroordeel was, sal regter wees, en hulle
wat regters was, sal die gedagvaardigdes wees. Na hierdie
beloofde wederkoms wys die nagmaal ons ons elke keer
wanneer ons dit vier.

Net soos brood en beker ons terugwys na die volbragte
versoeningswerk van Christus, so wys dit ons ook vooruit
na die dag van Sy wederkoms. Hierdie keer om Sy
gelowige volk vergoed te verlos uit alle mag en heerskappy
van die satan en sy bondgenote en om aan Sy gelowige
volk hulle ewige erfdeel te gee, om aarde en hemel te
hernieu, om Sy ewigdurende Koninkryk te vestig en om 'n
einde aan die Ryk van die duisternis te maak. Hy wie se
borgtogtelike soendood ons telkens weer by brood en beker
verkondig, is nie dood nie, maar lewe, en lewe tot in alle
ewigheid! En Hy het die nagmaal verorden as 'n blywende
instelling, *totdat Hy kom*. En so versterk en verlewendig
die nagmaal ons verwagting en lê die gebed in ons hart en
op ons lippe: „Amen, ja kom, Here Jesus!" Die wagtende
Bruid (die Kerk van Christus, Sy gelowige volk, Sy
gemeente) vier nagmaal, totdat die Bruidegom Christus

kom! Dan vang die Bruilofsmaal aan! Dan sal ook die profetiese woord in vervulling gaan: „Van see tot see – geen grensomlyning, orals gebied Sy staf."

Wanneer die Here Christus weer kom, sal dit nie wees soos 'n Lam wat die sonde van die wêreld wegdra nie, maar soos die onoorwinlike en oorwinnende Leeu uit die stam van Juda wat Sy vyande 'n voetbank vir Sy voete sal maak, want wanneer Hy weer kom, kom Hy om die vierskaar te span. Dan sal die wêreld wat Hom al die eeue deur verwerp het, moet buig voor Sy majesteit.

Sedert Sy eerste koms en na Sy verhoging aan die regterhand van God is Hy steeds besig om die een vesting van die satan na die ander omver te werp, en wanneer Hy weer kom, sal dit wees om Sy finale en volle triomf te vier. Hy is koning. Die heerskappy rus op Sy skouers. En Hy bestier en beskik alle dinge só, dat dit alles ten slotte op Sy volkome oorwinning oor die satan en die Ryk van die satan sal uitloop. Die wederkoms van Christus sal dan ook beteken, soos reeds opgemerk, die volkome verlossing van Sy gelowige volk (Sy gemeente, Sy Kerk), die vernuwing van die aarde en die hemel, die onbetwisbare oorwinning oor die satan en sy bondgenote, die vernietiging van die heerskappy van die sonde en die jammerlike gevolge daarvan en 'n ewigheid van onbeskryflike saligheid, waarvan ons ons selfs by benadering geen voorstelling kan vorm nie. Hierdie geluk word vir ons onder meer onder die beeld van 'n ewigdurende bruilofsfees geskilder.

Wanneer ons aan hierdie beloofde toekoms dink, waarheen die nagmaal ons ook heenwys en waarvan dit vir ons 'n gewisse waarborg is, gaan ons harte inderdaad van vreugde klop en dis of ons van verlange verteer word, en met heilige ongeduld bid ons dat die Here tog gou moet kom.

So moet dit ook wees. Ons moet die verwagting van die beloofde koms van die Here Christus lewendig hou. Die nagmaal wek ons trouens ook daartoe op – eet die brood, drink die beker, *totdat Hy kom!* Ons moet die blik, tot versterking van die geloof, op daardie glorieryke, welversekerde toekoms rig.

Dit kan vir die gemeente van Christus dikwels donker word, omdat dit lyk asof die ongeregtigheid ha oor hand toeneem en daar vir die gelowige volk van Here geen toekoms is nie. Maar dis nie so nie, want ve die openbaring wat die Here Self aan die siener-apostel Patmos gegee het, laat ons duidelik verstaan dat die din die gang van sake in die wêreld, nie is soos dit vir ons nie. Ons is kortsigtig. Omdat ons kinders van een dag is ons horison beperk. Ons kan die eeue van die Go bestier nie oorsien nie. Daarom lyk dit dan ook vir o wanneer ons rondom ons kyk, asof die satan en sy han langers die oorwinning oor Christus en Sy Kerk beha asof die Koninkryk van God al meer inkrimp en die ong loof ten slotte oor die geloof sal triomfeer. As ons oppe vlakkig moet oordeel, skyn dit inderdaad asof die kwa die oorhand kry. Kortom, dit kom ons wat as gelowig nog midde in die hitte van die stryd staan, voor asof ons hopelose stryd voer en die uiteindelike nederlaag onverm delik is.

Maar nou verseker die nagmaal ons telkens weer d die geloof nie aan die verloorkant is nie. Nie die gelo nie, maar die ongeloof gaan sy ondergang tegemoet. Wa die Here Christus wat op Golgota in beginsel reeds d oorwinning behaal het en wat sedert al die eeue deur besi is om die magte van die duisternis ten onder te bring, s oplaas oor die satan en die antichris en die valse profe en al die leërs uit die afgrond en oor almal wat in hul ongeloof volhard, kortom, oor al Sy vyande triomfeer!

En ons wat in Hom glo, ons, die onderdane van S Koninkryk, ons sal in die wonderheerlike vrugte van S oorwinning deel. Daarom het Hy ons brood en beker gege – die tekens en seëls van Sy volbragte versoeningswerk e van Sy oorwinning, om ons geloof staande te hou en t sterk, *totdat Hy kom!*

Die Skrif weet nie van 'n onsigbare en heimlike koms van Christus nie, nee, elke oog sal hom sien. En die vyande van Christus wat Hom brutaal bestry en verwerp, sal tot berge en steenrotse roep om op hulle te val en hulle te

verberg vir die aangesig van Hom wat op die troon sit, en vir die toorn van die Lam. Maar intussen behoef die gelowiges in Christus nie bang te wees nie, want Hy wat kom, is hulle middelaar en borg en sal vir hulle altyd dieselfde bly, ook dan wanneer Hy in skriklike majesteit as regter sal verskyn. In hierdie welversekerde geloof en besielende verwagting vier ons nagmaal . . . . *totdat Hy kom!*

Kom, strydgenote, tans 'n lied
hier uit ons aardse woning!
Laat ons die Heiland hulde bied,
want Hy is ook ons koning.

—D. F. E.

———::———

DION HOEK GLATTHAAR



Dion Hoek Glatthaar op wyle Dr. H. C. M. Fourie se skoot.

Dion Hoek Glatthaar van Groot-Marico, gebore die 13e Julie 1933, is op die 1ste Oktober 1933 gedoop te Groot-Marico deur Dr. H. C. M. Fourie by geleentheid van die ingebruikneming van die Afrikaanse Bybel aldaar. By hierdie geleentheid was Dion die enigste baba wat gedoop is. Hy was die eerste baba in die Unie van S.A. wat onder die Afrikaanse Doopformulier gedoop is. Hierdie formulier is deur Dr. Fourie self vertaal en by geleentheid van die doop was dit nog nie gedruk nie, maar nog slegs in sy eie handskrif.—G.

F. W. C. BUITENDAG

Ouderling Buitendag en sy vrou met die aangenome seun, J. L. J. Viljoen (die huidige Scriba vir Registrasie, gemeente Ventersdorp).

Frederik Willem Coenraad Buitendag is gebore op
Augustus 1865. Op 16 Mei 1887 het hy in die huweli
getree met die jongedogter Margaretha Louisa Mari
Bezuidenhout, gebore op 23 Junie 1870. Die huwelik he
kinderloos gebly. Gedurende die Anglo-Boereoorlog is h
gevange geneem en as krygsgevangene na St. Helena ve
ban. Met sy terugkeer was hy blind en sy eggenote moe
hom twee jaar lank lei: later het hy sy gesig gedeeltel
teruggekry. Drie jaar na die stigting van die Ned. Her
gemeente van Ventersdorp in 1892 is hy as voorsinge
gekies en hierdie diens het hy trou volbring tot met s
dood. Hy was jarelank ouderling van die Ventersdorps
gemeente en gedurende die vakante tydperk ook scriba. O
Rings- en Algemene Kerkvergaderings het hy die gemeent
dikwels verteenwoordig, en was ook geruime tyd lid va
die Hoogeerw. Kommissie van die Algemene Kerkvergade
ring. Ook op die Weeshuiskommissie het hy gedien. S
plek in die samelewing het hy ook volgestaan, so was h
lid van die Ventersdorpse Skoolraad en van die Weëraad.
Hy was Veldkornet van Bo-Mooirivier en later Komman-
dant. Met sy heengaan het die Ned. Herv. gemeente e
die distrik van Ventersdorp 'n steunpilaar verloor. Hy i
op 28 Januarie 1940 in die hospitaal op Ventersdorp
oorlede. „Die nagedagtenis van die regverdige is tot seën."

—V.

Vlakfontein, 1952.

——::——

MEV. ANNA IDA STEENEKAMP

Op Saterdag, 9 Augustus 1952, is Mev. Steenekamp te Rustenburg oorlede en op Sondag 10 Augustus het die teraardebestelling plaasgevind.

Teen die einde van Mei het sy ernstig siek geword, en nadat sy die hele Junie en Julie tot die dood toe siek was, het sy weer tydelik beterskap geniet twee weke voor haar heengaan.

Ds. en Mev. Steenekamp het in 1934 in Lichtenburg hulle eerste werkkring gevind. In 1936 is hulle na Zeerust, in 1938 na een van die Johannesburgse gemeentes en kort daarna na Windhoek, S.W.A. Daarvandaan het hulle na Noord-Westelike Pretoria gekom en in 1942 na Rustenburg waar hulle nou dan in die 10 jaar die voorreg gehad het om 'n sierlike nuwe kerkgebou te sien verrys asook die Eeufeesviering van die gemeente mog vier.

Agtien jaar het sy die geleentheid gehad om as predikantsvrou te dien in verskillende gemeentes. Sedert die stigting van die N.H.S.V. in 1940 het sy op die Hoofbestuur gedien, sewe jaar as vise-sekretaresse en vyf jaar as sekretaresse. Op die onlangse kongres te Bloemfontein het sy uitgetree, maar het aangebly op die Hoofbestuur. Sy was nooit sterk nie – tog het haar werk nooit één dag agterweë gebly vanweë siekte nie. Onvermoeid en pligsgetrou het sy haar werk gedoen elke dag, al was dit soms in die Hospitaal. Haar inherente beleefdheid het haar baie gewild en geliefd gemaak by almal met wie sy in aanraking gekom het.

Met groot bekwaamheid en toewyding het sy haar taak verrig en die N.H.S.V. help opbou. Sy het aan ons 'n erfenis nagelaat van geestelike waardes, en haar invloed sal in ons Vereniging geld nog lank na haar dood.

Die N.H.S.V. is dankbaar dat hulle haar as lid en as sekretaresse gehad het en sal haar nagedagtenis in dankbare erkentlikheid bewaar. Dis vir die lede van die Hoofbestuur haas ondenkbaar dat haar plek nou leeg is onder ons. Ja, ons kan met reg treur oor haar vroeë heengaan; die N.H.S.V. het 'n steunpilaar verloor. Sy het die verdere voorreg gehad om twee kinders te hê. Sy laat twee dogters na. Sy was 'n waardige vrou; 'n liewe moeder en goeie vriendin. Ons sal haar almal baie mis.

–M. R. OOSTHUIZEN.

HERMANUS JACOBUS PUTTER en HESTER CATHARINA SUSARA PUTTER (geb. Kruger).



Hermanus Jacobus Putter is op 7 Mei 1870 gebore op die plaas Twee-rivier, in die distrik van Rustenburg. Hy was die tweede seun van Paul Daniël Jacobus Putter en Beatrix Catharina Putter, geb. Steyn.

Op 23 Februarie 1903 het hy in die huwelik getree met Hester Susara Kruger en uit hierdie huwelik is daar ses seuns en drie dogters gebore. Al vyf seuns wat nog lewe, is tans dienende Kerkraadslede in die Ned. Herv. Kerk van Afrika.

In 1916 is Oom Manie, soos hy by almal bekend was, gekies tot Ouderling in die Gemeente van Rustenburg vir die wyke Twee-rivier en Grootplaas.

In 1924 het hy verhuis na Vlakpoort, waardeur hy moes bedank as Ouderling, maar is pas daarna weer herkies tot Ouderling vir die nuwe wyk.

In 1927 het hy weer bedank en getrek na die Vliegepoort-bosveld en hom gaan vestig op die plaas Tarantaalpan, waar hy gewoon het tot sy dood. Ook hier is hy pas daarna herkies tot Ouderling van 'n baie uitgestrekte wyk, wat geleë was tussen die Krokodil- en Matlabas-riviere. Maar nooit was sy werk vir hom te veel nie. Gereeld het hy sy wyk met die perdekar deurgery, wyksdienste gehou en na die sesde dag eers weer tuisgekom.

Met die afstigting van die Gemeente Vliegepoort in 1931, was hy een van die groot leidende figure van die afstigting en het op verskeie Kerklike kommissies in die Gemeente gedien tot sy dood.

Hy was voorwaar 'n eerbiedwaardige vader van die Gemeente wat met sy kinderlik opregte geloof 'n besieling was vir elke lid van die Gemeente. Tot pas voor sy dood het hy nog met die trapfiets in sy wyk rondgery om siekes te vertroos en te bemoedig en die afvalliges weer terug te bring na die Huis van Gebed.

Ongelukkig was die voorreg hom nie gegun om die inwyding van die nuwe Kerk mee te maak nie, waarvoor hy hom so beywer het en waarna hy so verlangend uitgesien het.

Op 8 Februarie 1951 is hy oorlede in die Algemene Hospitaal te Pretoria. Die Gemeente en Kerkraad sal hom lank onthou as 'n waardige voorganger en 'n vader van die Gemeente na wie almal met eerbied en ontsag opgesien het.

I. J. JOUBERT, B.A., B.D.

DIE ALGEMENE KERKVERGADERING 8 AUGUSTUS 1853 OP RUSTENBURG.

BEGIN Augustus 1953 sal dit 100 jaar wees sedert die Algemene Kerkvergadering op Rustenburg sy eerste sitting gehou het. Die Kommissie van die Hoogeerw. Algemene Kerkvergadering het besluit om hierdie gebeurtenis volgende jaar, D.V., op 7, 8 en 9 Augustus feestelik te herdink. Die feesviering sal op Rustenburg plaasvind en die hele Kerk sal uitgenooi word om die fees by te woon. Hoewel die Algemene Kerkvergadering dan 'n kort buitengewone sitting sal hou, sal die sitting net 'n deel van die feesviering uitmaak. Die gedagte bestaan om groot samekomste waaraan alle lidmate, organisasies, verenigings en liggame van die Kerk deel sal hê, te organiseer. 'n Uitgebreide Kommissie is dan ook aangestel om die nodige reëlings te tref. Die Kommissie sal later bekend maak wat die program is, ens.

Intussen wil ons alle Kerkrade vra om hulle medewerking te verleen. Alle lidmate van ons Kerk word gevra om die datum 7–9 Augustus 1953 te reserveer, sodat hulle die fees kan bywoon.

Die hele Kerk word hiermee opgeroep om ons voor te berei om die fees in die gepaste stemming te vier. Gedurende die afgelope 100 jaar het God ons Kerk kennelik bewaar, gelei en geseën. God het die Kerk deur moeilike tye staande gehou en onder Sy leiding en seën was daar 'n gestadige groei en vooruitgang. Gedurende die afgelope kwarteeu was die groei fenomenaal.

Dit pas ons daarom om aan God die eer en die dank te bring. 'n Gesindheid van ootmoed en berou mag ewemin ontbreek. Die geskiedenis van die afgelope eeu lewer oorvloedige voorbeelde van die swakheid, sondigheid en ontrou van mense. Die geskiedenis van die afgelope eeu lewer oorvloedige voorbeelde van die swakheid, sondigheid en ontrou van mense. Die geskiedenis van die afgelope eeu roep ons dus op om ons voor God te verootmoedig en te

bely dat ons onnutte diensknegte is wat nie eens gedoen he wat ons skuldig was om te doen nie.

Laat daarom ootmoed, dankbaarheid en gelowige toe wyding die kenmerk wees van ons feesviering.

Daartoe wil ons dan ook die hele Kerk oproep.

A. J. G. OOSTHUIZEN,
Voorsitter van die Kom. van die Alg. Kerkvergadering
Augustus 1952.

——::——

GEVOELVOLLE PREDIKING

Wyle ds. Hamersma het jare gelede geskrywe: „On predikante lê hulle nie daarop toe om die mense te laa huil nie, terwyl ander weer hulle krag daarin soek. Hoewe prof. Van Oosterzee nie juis aan ons rigting behoort he nie, is ons dit darem met hom eens waar hy sê, dat daa nie trane is wat so gou opdroë as die wat in die kerk geskre word nie. Prof. Cachet het baiemaal beweer, wanneer daa oor hierdie onderwerp gepraat word, dat dit vir hom nie kuns sou wees om 'n ganse gemeente in tien minute in di kerk te laat huil nie. Maar, al is ons vyande van die sak doek in die oë en dit op goeie gronde, moet ons darem nie i die teenoorgestelde dwaling verval deur hart, gemoed e siel in ons predikasie te vergeet, en maak asof hulle ni bestaan nie. Die gemeente kom immers vir geestelik spyse na die kerk, en die leraar moet sorg deur nou omgang met God en in die krag van die grote Sieleherder dat hy die hemelse manna uitdeel. Ons moet nie bang wees om soms 'n bietjie mistiek, 'n bietjie bevindelik of gemoede lik, of selfs 'n weinig metodisties te wees nie. Die vree hiervoor jaag menigeen soms die woestyn in van dorre nugtere verstandsredenering. 'n Warm woordjie van troos vir die bedroefde en 'n opwekking vir die tere en wanke lende, word nie gehoor nie. Dis 'n groot fout, 'n werklike gebrek, 'n sondige gemis."



Ons teologiese Professore en ons studente, Univ. van Pretoria.

DIE CHRISTELIKE PLIG VAN DIE BLANKES TEENOOR DIE NIE-BLANKES IN SUID-AFRIKA.

MET die klim van die jare het die rasseprobleme in Suid-Afrika al moeiliker en ernstiger geword. Dit word in Suid-Afrika hoe langer hoe meer 'n stryd van lewe en dood en in hierdie verband veral sal dit nie betaal om sig met allerlei oppervlakkige illusies te troos nie. Niemand mag ook die houding aanneem nie asof die probleem hom of haar glad nie raak nie. Om net die standpunt in te neem van: Ons is gekant teen enige vorm van gelykstelling en daarmee is dit uit, verraai alleen die grootste oppervlakkigheid en onverskilligheid; want die beginsel van „geen gelykstelling" nie, is netsomin te handhaaf as wat die mens met sy hand aan die hemel kan vat. Die poging om hierdie „geen gelykstelling nie" te handhaaf is die kortste weg om gelykstelling en vermenging te bring. Die verhoudings tussen die rasse in Suid-Afrika het nou so ernstig geword dat die vraag in alle erns gestel kan word of die Blankes die stryd wat tussen die rasse ontketen is, as gevolg van die pligsversuim van die Blankes en die laat-maar-loop beleid van die afgelope jare sedert 1936, nog sal kan oorleef. Daarom is dit die dure plig van elke blanke man en vrou in ons land om ernstig sy en haar aandag aan ons rasseprobleme te gee en veral om offers te bring, as ons nog daarop gesteld is om hierdie land vir die blanke Europese christelike beskawing te behou en die erfenis van die vaders ook as erfenis vir die kinders wil nalaat. Dit lyk of die hele wêreld in opstand wil kom teen ons rassebeleid in Suid-Afrika, ook diegene van wie mens veel beter verwag het.

Op die politieke terrein is daar allerlei beroerings as gevolg van stappe wat geneem word met die oog op 'n beter verhouding tussen die rasse, veral tussen Blank en nie-Blank in die algemeen. Op hierdie terrein, waar daar helaas ook al 'n verbitterde stryd ontbrand het tussen die partye van die Blankes – wat in hierdie geval een soliede

front moes gevorm het – wil ons ons nie waag nie. Ons wil ons vir hierdie keer alleen bepaal by die vraag: wat is ons plig teenoor die gekleurde rasse in hierdie land, ons as kinders van die Hollandse Watergeuse, die Franse Hugenote en die Voortrekkers, wat almal baie duidelik sterk onder die indruk gewees het van 'n roeping wat hulle moes vervul teenoor die onbeskaafde heidene, wat hulle hier by hulle koms uit Europa aangetref het?

Ons mag God dank dat ons voorouers mense was, wat geweet het wat en wie hulle was, mense wat hier na Suid-Afrika gekom het nie terwille van die geld of die goud nie, maar terwille van die geloof en terwille van 'n vrye volksbestaan. As mense wat selfs bereid was om vir die christelike geloof te sterf, as dit moes, het hulle ook geweet om vir die christelike geloof en die christelike beskawing te leef en was hulle van nature sendelinge en verkondigers van die Evangelie. Hulle was die draers van twee soorte van vryheid: die vryheid van die christelike geloof en godsdiens en staatkundige vryheid; vryheid wat hulle vir hulle self opgeëis het, maar wat hulle regverdigheidshalwe ook aan ander groepe, ook die nie-Blankes gegun het.

Hierdie vryheidsgees, godsdienstig en staatkundig, het die geboorte gegee aan die unieke lewens- en wêreldbeskouing van die Voortrekkers en hulle nageslag, nl. die christelik-nasionale lewens- en wêreldbeskouing, wat die allerkosbaarste erfenis is wat ons voorgeslagte ons ooit kon nagelaat het. Hier het ons voorouers fondamente gelê, die grondslae waarop 'n nasie gebou kon word. Hiermee het hulle vir die nageslag die koers en die rigting aangewys waarin hulle verder moes ontwikkel en hulle die van God-gegewe roeping moes vervul. Dis hierdie christelik-nasionale lewens- en wêreldbeskouing wat vir ons vandag ook nog die sleutel moet gee vir die oplossing van al ons probleme, probleme van staatkundige aard, van godsdienstige aard, probleme insake ons onderwysbeleid, ons arbeidsbeleid, ons rassebeleid, ens., ens. En wat sal ons nie geestelik verarm nie en hoe sal ons nie gevaar loop om die lewe te mis en ons roeping te mis nie, as ons hierdie kosbare erfenis van die stoere vaders sou verwaarloos en verloor?

Hierdie lewens- en wêreldbeskouing was en is by uitstek nasionaal en dan is hier in die eerste plek sprake van nasionalisme, maar 'n nasionalisme wat christelik is d.w.s. wat christelik gefondeer is en christelik geregverdig kan word. Dit maak dan ook dat ons nasionalisme fundamenteel verskil van alle ander nasionaal georiënteerde ideologieë.

Hierdie christelike nasionalisme het ook die grond en fondament gevorm waarop die rassebeleid van die Afrikaner gebou moes word en die sleutel moes gee vir die oplossing van al die rasseprobleme. Wat die Afrikaner vir homself opgeëis het, nl. godsdienstige en nasionale vryheid, moes hy ook bereid wees om aan ander te gee. Maar hy was nog altyd realisties genoeg om in te sien dat die gekleurde rasse van Suid-Afrika, nl. die Naturelle, die Hottentotte en die Boesmans, nog nie instaat was om van sulke vryheid te profiteer nie. Wanneer die vryheid te vroeg kom, loop dit op chaos uit en sou dit lei tot vernietiging van die westerse beskawing. Daar was dus nodig opvoeding en voorligting, godsdienstig, kultureel, staatkundig, ens. Die Afrikaners was van die vroegste begin af bewus van 'n dure roeping, wat hulle te vervul had teenoor die onbeskaafde rasse van Suid-Afrika. Getuienis hiervan is hulle houding teenoor hulle eie gekleurde bediendes en ook uit wat swart op wit gestel is, soos b.v. in die manifes van Piet Retief. Jammer net dat hulle deur 'n vreemde veroweraar met vreemde staatkundige opvattings wat voortgespruit het uit 'n vreemde lewens- en wêreldbeskouing, verhinder was om hierdie roeping te vervul. Vandaar die verwarring en chaos van ons tyd.

Uit hierdie roepingsbesef is gevolglik die beginsel van die blanke voogdyskap gebore. Die gekleurde rasse moes en moet opgevoed word, soos wat die kind deur sy ouer of sy voog opgevoed word om só langsaam voorberei te word om eendag self verantwoordelikheid te kan dra. Maar die uitoefening van hierdie voogdyskap sou ook geskied in 'n christelik-nasionale gees. Die nie-Blanke moes ontwikkel word langs die weg van sy eie kultuur. Die christelike geloof wat aan hom verkondig word, sou hom verder help



Ds. I. J. Joubert
(Vliegepoort—Thabazimbi)



Ds. C. J. van Jaarsveld
(Randpoort)

Ds. P. G. Geertsema
(Otjiwarongo)



Ds. C. G. Botha
(Laeveld—Duiwelskloof)

om sy eie kantoe-kultuur te ontwikkel. Nooit was dit die bedoeling gewees nie van die Kaapse Koloniste en die Voortrekkers om van die nie-Blanke 'n swart Europeër te maak, soos wat die Engelse, Franse en Hollanders in die Ooste gedoen het. Nooit het dit in die gedagte van die Afrikaner opgekom nie om die nasionale en kulturele lewe van die nie-Blanke, soos b.v. sy stamlewe en sy eie taal te vernietig. Die opvoeding deur sending en onderwys moes die stamlewe, d.w.s. die eie nasionale en kultuurlewe erken en daarby aansluit. Waar die sending in ander dele van die wêreld hierdie fondamentele feite nie erken het nie, maar gehelp het om die nasionale en kulturele lewe van die heidense rasse veeleer te verbrokkel, soos in die Ooste, en daardeur die indruk gemaak het van alleen te staan in die diens van die een of ander wêreldryk wat alleen stoflike belange het, daar loop die sending gevaar om dood te loop en die christendom om uitgewerp te word. Sending moet 'n nasionale aansluiting soek; dit moet die nasionale lewe van die volk erken en sover moontlik daarby aansluit en daarom ook lei tot die stigting van 'n eie nasionale kerk, anders loop dit gevaar om om politieke redes weerstaan en uitgegooi te word. Dis wat gebeur het in die Ooste en wat nou in Suid-Afrika ook gaan gebeur.

Dit is dus baie duidelik dat die Voortrekkers 'n sterk roepingsbesef gehad het teenoor die inboorlingrasse van Suid-Afrika. Hulle moes die rasse help om kultureel te ontwikkel en hulle moes volgens die opdrag van Christus self aan hulle die Evangelie verkondig. Dat hulle dit sterk gevoel het, blyk juis uit die verkondiging van die Evangelie aan die bediendes en die algemene ontwikkeling en onderrig sonder om van hulle swart Europeane te maak. Dat hulle in hierdie verband die onderhorigheid van die nie-Blanke en geen gelykstelling nie as noodsaaklik geag het, is netso min 'n bewys van diskriminasie, as wat die ouerlike gesag teenoor die kind vir diskriminasie aangesien kan word. Dis die beginsel van die blanke voogdyskap, wat gebore is nie uit 'n begeerte om te diskrimineer nie, maar om op te bou en op te voed. En net soos wat enige voogdyskap moet uitloop op 'n gelykheid van die onderhorige met



Ds. C. J. van Schalkwyk
(Meyerton)



Ds. J. M. Labuschagne
(Pietermaritzburg)



Ds. J. H. Naude
(Heilbron)



Ds. D. J. du Toit
(Noord-Rhodesië)

die voog, net so moes die Afrikaner dit ook voorsien het, dat daar 'n dag sou kom, al moes dit lank duur, waarop die opvoedingswerk deur die Blanke tot só 'n mate volbring sou wees en die nie-Blanke sóveel verantwoordelikheidsbesef sou ontwikkel het, dat hy gelykheid met die voog kan erlang. Maar soos wat elke kind, as hy volgroei is, sy gelykheid met sy natuurlike voog kry, nie op dieselfde terrein en in dieselfde huis nie, maar in sy eie, apart van die van die voog, net so sou die nie-blanke volksgroepe gelykheid met die blanke voog kon kry, vir sover as wat hulle dit kan waardeer en uitleef, alleen apart en afgesonder van die blanke gemeenskap, en as hy om die een of ander rede in die blanke gemeenskap hom moet bevind, sal dit wees as vreemdeling.

Dat die Voortrekkers, die Transvalers en die Vrystaters, dit ook voorsien het, blyk uit die bepaalde gebiede, wat toe reeds al aan bepaalde naturellestamme afgestaan is, waar hulle in die vooruitsig gestel is om soveel moontlik hulleself te regeer in ooreenstemming met die blanke opperheerskappy, 'n heerskappy wat self ook beskermende en opvoedende betekenis vir die naturelle moes hê. Dat dit die bedoeling sou gewees het om die beginsel van „geen gelykstelling" altyd te handhaaf is beslis onwaar en sou ook in stryd gewees het met die beginsel van die voogdyskap van die Blanke oor die nie-Blanke. Dis natuurlik waar dat in dieselfde gebied, op dieselfde terrein, die beginsel van „geen gelykstelling" gehandhaaf moes word. Dit was noodsaaklik vir die handhawing van die blanke rasse, van die westerse beskawing en van die christelike godsdiens.

Op hierdie punt moes dan ook vanselfsprekend 'n botsing ontstaan, toe vreemde en eintlik onchristelike beskouings, soos dié van die sendelinge van die Londonse Sendinggenootskap, onder blankes pos begin vat het. Hierdie mense wou van die beginsel van „geen gelykstelling," „geen verbastering," onderhorigheid aan die Blanke en van die voogdyskap van die Blanke oor die nie-Blanke niks weet nie. Hierdie botsing was in meer as een opsig 'n botsing van die christelike beskawing met die leiers van die naturalisme van die 19de eeu, wat uit die Franse rewolusie



Ds. J. P. B. Viljoen
(Nelspruit)



Dr. J. A. Stoop
(Benoni)



Ds. J. A. Viljoen
Windhoek (C.S.), S.W.A.



Ds. I. J. de Wet
Melville.

gebore is en wat die hele Europa oorstroom het. Daarom was die botsing só skerp dat dit selfs 'n sekere mate van antipatie teen die sending by die Voortrekkers opgewek het, sodat in meer as een kring die sendingsywer verdoof het en die besef van 'n godsdienstige roeping teenoor die gekleurde rasse skade gely het. So lank die voog weet dat hy voog is, so lank as hy moet belangstel in die toekoms van hom oor wie hy voog is. Dit moet toegegee word dat hierdie belangstelling moeilik word, wanneer die onderhorige opstandig begin word teenoor die voog, as hy van buite aangespoor word om hom teen die voog te verset. Nogtans mag die taak om die nie-Blanke te help in sy kulturele en godsdienstige ontwikkeling nie strafloos verwaarloos word nie. Net so is dit in stryd met die beginsel van die blanke voogdyskap om te beweer dat die beginsel van „geen gelykstelling" hoe en waar ook al nooit toegepas mag word nie en as die beginsel van „geen gelykstelling" altyd gehandhaaf moet word, selfs nadat die voogdyskap beëindig moes gewees het, sou dit niks anders as die afskuwelikste vorm diskriminasie wees nie. Die end, hoever dit in die toekoms ook mag lê, moet wees gelykstelling, maar geen gelykstelling in dieselfde gebied en op dieselfde terrein nie. Dit wil sê dat die doel van die eerlik bedoelde blanke voogdyskap altyd moet wees segregasie, afskeiding en afsondering, sonder enige vorm van diskriminasie. Daar *moet* gelykheid wees, maar dan is dit *gelykheid in apartheid.*

Gelykheid sonder segregasie, soos wat die Engelse politiek dit in Suid-Afrika nog altyd geëis het en in Engeland vandag nog eis, kan of nooit eerlik bedoel wees nie, of as dit eerlik bedoel is, dan moet dit lei tot chaos en 'n stryd op lewe en dood tussen Blank en nie-Blank. Dit moet uitloop op bloedvermenging, waarby Blank en nie-Blank beide onder sal gaan en waar beide plek sal moet maak vir 'n baster-geslag. Is dit wat die oppervlakkige kritici uit Europa en Amerika in die oog het? Die Afrikaner mag met vrymoedigheid die hele wêreld uitdaag om 'n meer *christelike* opvatting van die rasseprobleme, waar in die wëreld ook-al, te gee, as dié wat met algehele

Ds. S. J. Prins
(Ottosdal)



Ds. J. J. Smit
(Florida)



Ds. M. S. Grobler
(Dordrecht)



Ds. J. M. Fourie
(Mafeking)

segregasie en apartheid aan die hand gegee word. Dis wel waar dat dit nie 'n taak van dae is nie, maar van jare, miskien van eeue.

En anders, sou dit die wil wees van die Skepper van volke en nasies en die Beskikker oor hulle lotgevalle om wat duidelik as aparte rasse met aparte kleure bestaan in mekaar te smelt en die verskille deur verbastering uit te wis? Is dit waar dat die christelike geloof internasionaal is en geen nasionale grense en kleurverskille raak sien nie? Dis wel waar dat op grond van hierdie verskille nie gediskrimineer mag word nie, maar dis onwaar dat hierdie verskille nie mag bestaan nie en daarom nie gehandhaaf moet word nie. Elke groep hoort in sy eie gebied en mag op sy eie manier sy eie huis in orde hou. Die internasionalisme wat so vaak vir die Christendom opgeëis word, ag ons vir iets duiwels en eie alleen aan sulke ideologieë soos die kapitalisme en die Kommunisme. Dis in stryd met die bestaande skeppingsorde en moet lei óf tot die dood, waar geen verskille meer bestaan nie, óf tot 'n eindelose stryd tussen wat nie bymekaar hoort nie, maar tog deurmekaar gestrengel is, en wat dan moet uitloop alleen op chaos en algehele ondergang vir alle partye.

Die Afrikaner wil geen inmekaarstrengeling hê nie, maar 'n eerlike en menswaardige bestaan vir elke rassegroep, waar elkeen met die raad en die hulp van die ander sy eie heil en toekoms kan uitwerk. Dan alleen kan daar 'n goeie verhouding bestaan. Dan alleen sal raad en steun die een aan die ander welkom wees en dan mag daar selfs dankbaarheid bestaan teenoor die meer bevoorregte rasse wat die rol van getroue voog oor die minderbevoorregte gespeel het. Dan alleen kan die Evangelie met vrug selfs verkondig word; want om die Evangelie te verkondig aan 'n volk wat geen eie nasionale volksbestaan ken nie, wat nie sigself is nie en wat homself gedurig as die veronregte beskou en met niks meer tevrede is nie, is vrywel 'n hopelose taak.

Ons as Blankes in Suid-Afrika het daarom as taak en roeping teenoor die nie-Blankes om in ooreenstemming met die beginsel van die blanke voogdyskap die nie-Blanke op



Br. P. J. v.d. Merwe wat hier afgeneem is saam met sy span van nege flinke seuns, het vroeër in Angola gewoon. Hy woon nou sedert 1928 in S.W.A. Een van sy seuns, ds. W. P. v.d. Merwe, is die predikant van Leeuwdoornsstad en Witpoort gemeentes. 'n Ander seun, P. S. v.d. Merwe, is die editeur van die Suid-Wester in Windhoek. Die vader, br. P. J. v.d. Merwe, is die skrywer van die boek oor die Angolaboere: „Ons Halfeeu in Angola."

JOH. DREYER

Sittende, van links na regs: J. M. v. d. Merwe (42), S. J. D. v. d. Merwe (39), P. J. v. d. Merwe (65), vader. P. J. v. d. Merwe (35), ds. W. P. v. d. Merwe (34). Staande, van links na regs: P. S. v. d. Merwe (30), P. H. v. d. Merwe (23), J. J. v. d. Merwe (22), J. H. v. d. Merwe (20), Ph. J. v. d. Merwe (17).
(Foto geneem op 25 Desember 1951.)

te voed langs die weg van sy eie kultuur, sy eie nasiebesef nie te vernietig nie, maar aan te moedig en aan hom die Evangelie van Christus te verkondig; en verder om in ooreenstemming met dieselfde beginsel van die blanke voogdyskap hom in die vooruitsig te stel van 'n eie aparte volksbestaan vir sover dit moontlik is in die volkeregroep in Suid-Afrika, d.w.s. langs die weg van algehele segregasie. Apartheid wat hierdie laaste nie wil nie, is oneerlik en onopreg en in stryd met die aloue beginsel van die blanke voogdyskap en ook in stryd met die christelik-nasionale lewens- en wêreldbeskouing van die Afrikaner en sy voorgeslagte.

H. P. WOLMARANS

JAN ABRAHAM PIETERS



Jan Abraham Pieters is op 9 Junie 1857 in die distrik Riversdal, Kaap Provinsie, gebore. Daarvandaan het hy as kind met sy ouers saamgetrek wat hulle in die distrik Lindley in die Vrystaat gaan vestig het. Later het hulle na Transvaal getrek en op die plaas Driefontein in die distrik Bethal gaan woon. Hier is hy getroud met Dorothea Margaretha Pelser, gebore 15 November 1862.

Jan Abraham Pieters het as seun van 23 jaar deelgeneem

aan die slag van Majuba. Saam met ander burgers het hy die more vroeg die kop vanaf die noordwestekant opgeklim. Dit het nie lank geduur nie of Colley het geval en die slag was verby.

Gou was hy weer op Driefontein terug. Nie lank daarna nie het die oorlog met Mapoch uitgebreek en hy is daarheen gestuur, waar hy baie ervarings opgedoen het. Daar het bevel gekom dat die burgers 'n gat moes grawe van die kant van die berg af waarop die kaffers skuilgehou het, tot ongeveer reg onder die top van die berg; wanneer hierdie tonnel dan klaar was, sou daar dinamiet onder die berg gelaai word, met die doel om die vyand uit die berg te verdryf. Voor die tonnel egter gegrawe was, het die kaffers weggevlug na hulle hoofstat. Nadat dit vrede geword het, is die kommando's terug met waens, osse en perde oor 'n pad van omtrent 150 myl wat berg-op en berg-af gegaan het. Op die terugweg het die band van een van die waens se wiele afgeval. Jan Pieters het te hulp gesnel; hy het die band goed warm gemaak en met behulp van ander burgers dit oor die wiel gesit en goed natgegooi, sodat dit kon krimp; dit was ook nie lank nie of die wa was weer op pad.

Nie lank hierna nie het die oorlog van 1899 uitgebreek. Jan Pieters is Natal toe waar hy aan verskillende slae deelgeneem het. Na die deurbraak van die Engelse is hy met die kommando's die Vrystaat in waar een van sy broers wat ouer as hy was, naamlik Jacobus Hendrikus, gesneuwel het, naby Lindley. Later is Jan Pieters na Transvaal – hulle was toe nog twee broers en albei was op kommando; op kommando is die bynaam van „Bloubaard" aan Jan Pieters gegee. Die jonger broer Frederik Petrus is in die slag op Bakenlaagte in 1901 doodgeskiet. Na die oorlog het hy op Kraalstasie in Transvaal wapen afgelê en is na die plaas Grootlaagte in die distrik van Bethal waar hy as grofsmid begin werk het; hierdie soort werk het hy van ene Magiel Kriek geleer. Op die plaas Grootlaagte het Jan Pieters vir hom self 'n wa gebou; hierdie wa het 14 jaar gewerk sonder dat daar ooit 'n hamer daaraan gekom het. Van Grootlaagte af het hy met sy gesin na Klipspruit, 'n

plaas in die distrik van Middelburg, getrek, en na verloop van 'n paar jaar het hy teruggetrek na die plaas van sy seuns, Daan en Frederik, Steenkoolspruit, in die distrik van Springs, waar hy in die ouderdom van oor die 92 jaar oorlede is.

Later is sy eggenote in die ouderdom van oor die 87 jaar oorlede op Eendracht, waar sy by een van haar dogters, Mev. Leen de Jager, ingewoon het. Hulle is langs mekaar op die plaas Steenkoolspruit begrawe, waar hulle seun Daan nog woon.

—C. P. W.

——::——

Belasting op Inkomste Verkry uit Boedery

deur

D. J. du Preez, B.Com., C.A. (S.A.), V.U.B.

Oorgeneem uit „Boerdery Jaarboek," met die goedgunstige toestemming van die uitgewers, Impala Opvoedkundige Dienste (Edms.) Bpk.

Net soos dit gewens is dat elke lid van die gemeenskap na sy vermo tot die land se inkomste moet bydra, so ook is dit noodsaaklik dat elk belastingbetaler moet weet wat daar van hom in hierdie opsig verwag word; hoe en op watter inkomste hy belasting moet betaal en watter uitgawes as teeneis teen sodanige inkomste aftrekbaar is. Sodoende en deur die verskaffing van akkurate inligting kan die belastingbetaler die nodige voorsorgmaatreëls tref om nie belasting te betaal wat nie van hom verwag word nie en, binne die perke van die wet, belasting tot 'n minimum beperk.

In die geval van inkomste wat uit boerdery verkry word, maak die wet voorsiening vir spesiale voorwaardes met betrekking tot sekere uitgawes, spesiale toelaes, voorrade, ens. (Seksie 14 Wet Nr. 31 van 1941). In terme van hierdie spesiale voorwaardes geniet die boer sekere voorregte wat die gewone belastingbetaler nie geniet nie en, aan die ander kant, is die boer onderhewig aan sekere verpligtinge wat nie op die gewone belastingbetaler betrekking het nie.

Ten einde die boer in staat te stel om hierdie spesiale voorregte ten volle te benut en teen spesiale verpligtinge te waak, asook om 'n algemene agtergrond van die wet te kry, noem skrywer sekere verkorte inligting wat elke boer sorgvuldig moet lees, met mekaar moet bespreek en waarop hy, indien noodsaaklik, die hulp van deskundiges moet inroep.

METODE VAN AANSLAG BY BOERE :

Boere (behalwe maatskappye wat na 1 Julie 1943 met boerdery begin het) wat op die datum 30 Junie 1946 reeds geboer het, kan volgens die keuse of op die voorraadbasis of op die kontantbasis aangeslaan word. Alle boere wat egter na 30 Junie 1946 begin boer het, het geen keuse nie en word op die voorraadbasis aangeslaan.

DIE KONTANTBASIS :

Wanneer 'n boer die kontantbasis gekies het en nie die waarde van lewende hawe en produkte aan die begin en einde van die jaar in aanmerking neem nie, word hy aangeslaan op alle bedrae t.o.v. lewende hawe en produkte deur hom ontvang of aan hom toegeval.

Onder hierdie basis geniet die boer nie die toelaag t.o.v. die moontlikheid dat sommige van sy lewende hawe mag vrek nie (vergelyk boere wat op die voorraadbasis aangeslaan word). Ook geniet hy nie 'n aftrekking t.o.v. lewende hawe wat gedurende die jaar gevrek het nie. Natuurlike vermeerdering, deur geboorte, van lewende hawe word ook nie belas alvorens dit verkoop is nie.

Onder hierdie metode word die aankope van lewende hawe in elke jaar beperk tot die bruto-inkomste uit die boerdery verkry vir die jaar. In 'n geval waar die aankope van lewende hawe die bruto-inkomste vir die jaar oorskry, is die oorskot oordraagbaar en kan dit in die volgende jaar of jare afgeskrywe word totdat sodanige bedrag uitgewis is.

Wanneer 'n boer, op die kontantbasis, sy boerderybedrywighede staak, mag die Ontvanger van Inkomste 'n toelaag maak t.o.v. voorraad lewendehawe en produkte in besit op 1 Julie 1913 of soos op datum van aanvang van boerdery. Die voorraad in besit op die datum van die staking van boerdery, word nie belas alvorens dit nie verkoop is nie.

Lewende hawe en produkte as erfporsie of bemaking ontvang, is nie belasbaar as dit verkoop word nie.

DIE VOORRAADBASIS :

Volgens hierdie metode word die voorraad lewende hawe en produkte aan die begin en einde van elke jaar van aanslag in aanmerking geneem d.w.s. voorraad aan die einde van die jaar is inkomste en dieselfde voorraad aan die begin van die onmiddellik daaropvolgende jaar is 'n uitgawe vir die doeleindes van die inkomstebelasting. Boere wat op hierdie basis aangeslaan word, moet voorraad aan die begin en einde van die jaar in hulle opgawe aan die Ontvanger van Inkomste vermeld.

As voorsiening teen die moontlikheid dat sommige van die boer se lewende hawe om een of ander rede vrek, word die waarde daarvan aan die begin en einde van die jaar verminder in ooreenstemming met wat die Ontvanger van Inkomste in omstandighede redelik ag. Die persentasies wat gewoonlik toegelaat word, is soos volg:—

Beeste 7%; skape en bokke 12%; perde, donkies en muile, 10%; volstruise 15%; varke 12%; en alle ander lewende hawe 10%.

Ingeval 'n boer gedurende die loop van die belastingjaar sy boerderybedrywighede staak, dan word die waarde van sy lewende hawe en produkte aan die **einde** van die betrokke jaar by sy inkomste vir daardie jaar bygetel.

Die waarde van lewende hawe en produkte wat gedurende die belastingjaar as donasie, erfporsie, of bemaking ontvang word, word net soos die waarde van voorraad aan die begin van die belastingjaar, as 'n aftrekking teen inkomste en eindvoorraad beskou.

Wanneer 'n boer vir die eerste keer 'n aanvang met boerderybedrywighede maak, word die waarde van lewende hawe en produkte in sy besit op datum van aanvang as 'n aftrekking teen inkomste en eindvoorraad beskou. Dit is opmerklik dat die Ontvanger van Inkomste se toelaag as voorsiening teen die moontlikheid dat sommige van die lewende hawe mag vrek nie t.o.v. hierdie aanvangsvoorraad toegelaat word nie.

As 'n boer gedurende die loop van die belastingjaar sekere lewende hawe as donasie of bemaking „weggee," dan word die waarde van sodanige lewende hawe en produkte as 'n byvoeging tot die inkomste oor die betrokke jaar bygetel.

Verliese as gevolg van lewende hawe wat gedurende die belastingsjaar vrek, word outomaties as 'n aftrekking toegelaat, deurdat sogenoemde lewende hawe nie die einde van die jaar as voorraad ingesluit word nie. Natuurlike vermeerdering deur geboorte word op dieselfde wyse outomaties as inkomste bygereken omdat dit by die waarde van die lewende hawe in besit van die boer aan die einde van die jaar ingesluit is.

WAARDASIE VAN VOORRAAD :

(a) **Produkte:** Die waarde van voorraad produkte word bereken teen 'n gemiddelde en regverdige prys wat deur die Ontvanger van Inkomste goedgekeur word.

(b) **Lewende hawe:** (a) **Vir stoetdoeleindes** — teen die kosprys daarvan.

(b) **Ander:**

(i) Gekoop — teen kosprys of standaardwaarde.

(ii) Verkry anders dan deur koop — teen standaardwaarde.

STANDAARDWAARDE :

Indien die waarde vir elke klas van lewende hawe deur Goewermentsregulasie vasgestel of 'n waarde vir elke klas deur die Boer self vasgestel is :

'n Boer wat vir die eerste keer na die in werkingtreding van hierdie Wet 'n opgawe indien of enige klas van lewende hawe vir die eerste keer in sy opgawe insluit, mag óf die standaardwaarde wat deur regulasie vasgestel is kies óf mag sy eie standaardwaarde vasstel. Behalwe met die toestemming van die Ontvanger van Inkomste mag die boer sy keuse nie in die toekoms verander nie.

Onderstaande tabelle toon die standaardwaardes aan wat deur regulasie vasgestel is :—

Beskrywing van Lewende Hawe	Standaardwaarde vasgestel deur Regulasie	
	1 Stoetvee	2 Ander
BEESTE :		
Bulle	£50 0 0	£10 0 0
Osse		7 0 0
Koeie	30 0 0	7 0 0
Jong beeste en verse: Oor 2 en onder 3 jaar	15 0 0	4 0 0
Oor 1 en onder 2 jaar	10 0 0	1 0 0
Kalwers: onder 1 jaar	5 0 0	1 0 0
SKAPE :		
Hamels	50 0 0	15 0
Ramme	50 0 0	10 0
Ooie	15 0 0	15 0
Gespeende lammers	3 0 0	5 0
Ongespeende lammers	6	6
BOKKE :		
Volwasse	3 0 0	15 0
Gespeende boklammers	15 0	5 0
Ongespeende boklammers	6	6
PERDE :		
Hingste, 4 jaar en ouer	65 0 0	20 0 0
Merries, 4 jaar en ouer	50 0 0	7 0 0
Reuns, 3 jaar en ouer		7 0 0
Hings- en merrievullens: 3 jaar	35 0 0	5 0 0
2 jaar	25 0 0	4 0 0
1 jaar	20 0 0	3 0 0
Vulletjies onder een jaar	7 0 0	1 0 0
DONKIES :		
Hingste : drie jaar en ouer	50 0 0	3 0 0
onder drie jaar	20 0 0	2 0 0
Merries : drie jaar en ouer	25 0 0	2 0 0
onder drie jaar	20 0 0	2 0 0
Vulletjies onder een jaar	7 0 0	10 0
MUILE :		
Vier jaar en ouer		10 0 0
Drie jaar		7 0 0
Twee jaar		5 0 0
Een jaar		3 0 0
Onder een jaar		2 0 0
VOLSTRUISE :		
Kuikens		7 0
VARKE :	7 0 0	2 0 0
Onder een jaar	3 0 0	1 0 0

SPESIALE AFTREKKINGS TOEGELAAT AAN BOERE:

Alle uitgawes t.o.v. die volgende items sal as 'n aftrekking in d jaar van sodanige uitgawe toegestaan word; in totaal tot 'n maksim van 30% van die bruto-inkomste oor die jaar uit boerdery verkry, beper

(a) Dipbakke.

(b) Damme, watervore, boorgate en pompuitrusting.

(c) Omheining.

(d) Uitroei van skadelike gewasse.

(e) Voorkoming van gronderosie.

(f) Die oprigting van geboue in verband met die boerdery, behal geboue vir huishoudelike doeleindes.

(g) Die oprigting van vrugteboorde, en wingerde.

Die bedrag t.o.v. bostaande uitgawes wat 30% van die brut inkomste oor die jaar oorskry, is nie in die daaropvolgende jare aftre baar nie. Hierdie oorskot is wel onderhewig aan die gewone toela t.o.v. waardevermindering. Onderhoud- en instandhoudingskoste in v band met hierdie items is ten volle toelaatbaar.

VOORWAARDES MET BETREKKING TOT BOERE WAT VERPLIG IS OM LEWENDE HAWE TE VERKOOP AS GEVOLG VAN DROOGTE OF SIEKTE

Die doel van hierdie voorwaardes is om verligting aan boere te bri wat onder omstandighede van droogte en veesiektes verplig is om gro hoeveelhede van hulle lewende hawe te verkoop.

Hierdie voorwaardes kom daarop neer, dat, indien 'n boer t bevrediging van die Ontvanger van Inkomste kan bewys dat hy lewend hawe verkoop het as gevolg van droogte of veesiekte en indien hy voorraad binne twee jaar na datum van die belastingjaar van verko aanvul, kan hy kies wanneer hy sodanige aangekoopte lewende hawe aftrekking wil eis. Hy kan die koste en koopprys t.o.v. lewende ha aangekoop as 'n aftrekking eis, óf in die jaar waarin hy verplig was te verkoop óf in die jaar waarin hy weer aangekoop het. Sodanige moet egter binne drie jaar na datum van die jaar waarin hy verplig w om te verkoop, gemaak word. Ook moet volle besonderhede van lewende hawe wat verkoop is, verstrek word.

TOELAATBARE UITGAWES:

Die volgende items word as 'n aftrekking teen bruto-inkomste toegelaat en moet as sodanig deur boere aangetoon word, onder „ Opgaaf van Uitgawes."

1. **Vee gekoop** (met inbegrip van vee in ruil ontvang): Dit sluit in vee wat vir kontant of op krediet gekoop is. Boere word aangeraai om aantekeninge te maak van (i) name en adresse van persone van wie gekoop is, (ii) aantal en soort vee van elk van die verskillende persone gekoop, (iii) die betrokke koopprys in elke geval.

2. **Produkte gekoop** (met inbegrip van produkte in ruil ontvang): Dieselfde besonderhede moet aangeteken word soos die hierbo onder „ Vee gekoop " vermeld.

3. **Huurgelde:** Rekords moet gehou word wat aantoon: (i) eiendom waarvoor huur betaal of betaalbaar is, (ii) name en adresse van persone aan wie huur betaal of betaalbaar is, (iii) die betrokke bedrae betaal of betaalbaar.

4. **Rente Betaal:** Rekords moet gehou word wat die volgende aantoon: (i) name en adresse van persone aan wie rente betaal of betaalbaar is, (ii) die bedrae van die verskillende lenings, (iii) die koers van rente in elke geval betaalbaar, (i) die doel waarvoor lening aangewend word, (v) die bedrag van rente aan elke persoon betaal of betaalbaar.

   L.W.—Kapitaalterugbetalings moet nie met rentebetalings hierbo verwar word nie.

Belastings betaal: Vermeld die aard van die belasting en die bedrag van die belasting.

L.W.—Inkomstebelasting en persoonlike belasting is nie 'n toelaatbare uitgawe nie.

6. Die werklike koste van saad en bemestingstowwe aangekoop.

7. Die werklike lone oor die jaar betaal. Indien kos en ander produkte deur die boer gekoop en kosteloos as vergoeding aan werknemers gegee word, word die bedrag daarvan afsonderlik onder lone ingesluit en is dit toelaatbaar as 'n aftrekking. Lone aan huisbediendes of aan die boer self betaal moet nie onder lone ingesluit word nie. So ook moet lone wat bv. as koste onder die oprigting van damme, padherstellings, ens., ingesluit is, nie weer 'n keer onder lone ingesluit word nie.

Die Ontvanger van Inkomste verwag gewoonlik dat die volgende rekords m.b.t. lone gehou word, naamlik:-

(i) Name, adresse en die bedrag aan elke werknemer betaal wat £150 of meer per jaar ontvang het.

(ii) Getal ander werknemers gewoonlik in diens, gemiddelde besoldiging en totale bedrag onder hierdie groep betaal.

(iii) Getal loswerknemers in diens. Ge-aardheid van werk, gewoonlik deur hulle verrig en die totale bedrag aan hierdie groep betaal.

T.o.v. produkte en rantsoene vir werknemers gekoop en kosteloos aan hulle as vergoeding verskaf word die volgende rekords verwag :-

(i) Totale bedrag betaal t.o.v. groep (i) onder lone hierbo.

(ii) Totale bedrag betaal t.o.v. groepe (ii) en (iii) onder lone hierbo.

8. Toelaag t.o.v. **waardevermindering** en slytasie: Alle bates wat vir die doeleindes van die boerdery aangewend word en wat nie in totaal as 'n aftrekking afgeskrywe is nie, is onderhewig aan 'n toelaag t.o.v. die slytasie en waardevermindering daarvan. T.o.v. hierdie bates is dit raadsaam dat die volgende rekords gehou word.

(i) Datum van aankoop en beskrywing van bate sowel as die prys daarvan.

(ii) Datum van verkoop en beskrywing van bate sowel as die verkoopprys daarvan.

(iii) Die bedrag van slytasie, waardevermindering en wins of verlies met verkoop van tyd tot tyd afgeskrywe en gerealiseer.

9. **Koste t.o.v. herstellings en onderhoud.** Bo en behalwe die toelaag t.o.v. waardevermindering en slytasie word ook die bedrag t.o.v. die werklike koste van herstellings en instandhouding as 'n aftrekking toegelaat. Rekords hier verlang is :

(i) Bate t.o.v. waarvan herstelling geskied het.

(ii) Geaardheid van herstelling.

(iii) Die bedrag daarvan.

10. **Uitgawes ten opsigte van ontwikkeling en verbeterings :**

Hieronder word onder meer ingesluit :-

(a) Dipbakke.

(b) Damme, watervore, boorgate en pompinstallasies.

(c) Omheinings.

(d) Uitroei van skadelike gewasse.

(e) Voorkoming van gronderosie.

(f) Die oprigting van geboue in verband met die boerdery, behalwe geboue vir huishoudelike doeleindes.

(g) Die oprigting van vrugteboorde en wingerde.

Rekords ten opsigte van die uitgawes op elk van bostaande items moet gehou word en sover moontlik moet bewysstukke ter stawing van die uitbetalings beskikbaar gehou word.

11. Die ander uitgawes vir die doeleindes van die boerdery aangegaan en wat nie hierbo ingesluit word nie. (Huishoudelike en private uitgawes moet nie hier ingesluit word nie.) Onder meer sal die volgende van die items wees wat hieronder tuishoort, bv. binddraad, medisyne vir lewende hawe, vervanging van uitgediende gereedskap, reis- en verblyfkoste, vervoerkoste, spoorvrag, telefoon-, pos- en versendingskoste, sekere prokureurskoste, kommissies betaal, advertensies en propagandakoste, bonusse betaal, veevoeding, ens., ens.

Uitgawes wat nie toegelaat word nie is bv. die volgende: ploeë, trekkers, voertuie, tuie (waardevermindering en slytasie hierop word egter toegelaat), waardevermindering op geboue en uitgawes in verband met die huis wat deur boer bewoon word, lone en rantsoene aan huisbediendes, lenings terug betaal, koste van opmeet en oordragkoste op vaste eiendom, koste aan registrasie en kansellasie van verbande.

ONTVANGSTES OF TOEVALLINGS WAT AS INKOMSTE VERSTREK MOET WORD

1. **Vee Verkoop** (met inbegrip van vee in ruil gegee)—Hieronder word vermeld alle vee verkoop of verruil om watter rede of vir watter doel ook al die transaksies plaasgevind het. Rekords wat in hierdie verband gehou **moet word, is :-**

(i) Die name en adresse van persone aan wie verkoop word.

(ii) Aantal en beskrywing van die vee wat verkoop word.

(iii) Daarteenoor die bedrae waarvoor die vee verkoop is.

2. **Produkte Verkoop** (met inbegrip van produkte in ruil gegee): Dieselfde rekords word vereis as dié t.o.v. „ Vee verkoop."

3. **Waarde van Plaasprodukte Verbruik:** Die volgende besonderhede word ter stawing van hierdie item vereis :-

(i) Getal persone in gesin;
(ii) getal huisbediendes;
(iii) beraming van die waarde van lewende hawe en produkte verbruik.

4. **Subsides Ontvang:** Hierdie item moet deur die volgende besonderhede gestaaf word :

(i) Die soort van subsidie ontvang;
(ii) die bedrag t.o.v. elke subsidie ontvang.

5. **Alle ander Boerderyinkomste nie hierbo vermeld nie:** Verskaf besonderhede wat aantoon :-

(i) Aard van inkomste;
(ii) van wie ontvang;
(iii) die betrokke bedrag.

PLANTASIES :

Daar is ook in die Wet spesiale voorsiening gemaak met betrekking tot inkomste verkry uit plantasies, die bepalings waarvan te veel is om hier te noem. Boere wat uitgawes aangaan en inkomste verkry in verband met plantasies, kan gerus vasstel wat hulle posisie t.o.v. uitkomstebelasting in hierdie verband is.

VASSTELLING VAN BELASBARE INKOMSTE

Voordat skrywer belastingtabelle aangee, waarvolgens die belastingbetaler sy inkomstebelasting by benadering kan uitreken, wens hy eers te verduidelik wat onder belasbare inkomste verstaan word en hoe tabelle aangewend kan word om belasting te bereken.

Aangesien alle ontvangste en inkomste nie noodwendig aan inkomstebelasting onderhewig is nie, word dit trapsgewyse verminder totdat ons die bedrag het wat aan inkomstebelasting onderhewig is, of beter bekend as die belasbare inkomste :

TOTALE ONTVANGSTE is ons beginsyfer en sluit alle ontvangste in of dit noual in kontant of in ware ontvang is. Dit sluit ook bedrae in wat nog nie in kontant ontvang is nie maar wat alreeds aan Belastingbetaler toegeval het vir die tydperk onder bespreking.

BRUTO-INKOMSTE is die totale ontvangste verminder met alle kapitale ontvangste, bv. ontvangste uit verkoop van privaat woonhuis, private motor of erfporsie.

INKOMSTE is die Bruto-inkomste verminder met alle bedrae wat nie aan normale belasting onderhewig is nie, bv. rente op Unieleningsertifikate, diwidende.

BELASBARE INKOMSTE is die inkomste verminder met alle betalings en uitgawes wat nodig was vir die verkryging van die Belasbare Inkomste en wat as 'n aftrekbare uitgawe toegelaat word. M.a.w. dit is die bedrag waarop Belastingbetaler vir Unie-Inkomstebelasting en indirek ook vir Provinsiale Belasting aangeslaan word.

Onderstaande tabelle is handig om die totale belasting vir getroude persone by benadering vas te stel.

Die bedrag van total inkomste, soos deur die tabelle aangegee, moet egter met die volgende verminder word :-

	t.o.v. elke kind van getroude persone	t.o.v. elke afhanklike van getroude persone	t.o.v. elke £ van versekering van getroude persone
1. Transvaal	£14 0 0	£3 10 0	1/9 (mak. £10 10s.)
2. Kaapprovinsie	15 0 0	3 15 0	1/10½ (mak. £11 5s.)
3. Natal	14 3 9	3 10 11¼	1/9 9/32 (mak. £10 12 9¾d.)
4. Oranje - Vrystaat	14 10 0	3 12 6	1/9¾ (mak. £10 17 6d.)

Wanneer Belastingbetalers op pensioenaftrekking geregtig is, is die maksimum t.o.v. versekeringaftrekking soos volg:

T.O.V. GETROUDE PERSONE : Transvaal, £5 12s.; Kaapprovinsie, £6; Natal, £5 13s. 6d.; Oranje Vrystaat, £5 16s.

Let asseblief ook op die volgende:—

(a) Hoewel onderstaande tabelle verwys na die totale inkomste, gebeur dit soms dat die totale inkomste, soos aangegee na aftrekking van bostaande aftrekkings, kleiner is as die provinsiale belasting, indien dié afsonderlik bereken word. In hierdie geval is die bedrag van die provinsiale belasting die belasting wat betaal word en nie die bedrag soos deur die onderstaande tabelle aangegee nie.

(b) Ook sal onderstaande tabelle nie akkuraat wees wanneer die inkomste onderhewig aan normale belasting verskil van die inkomste onderhewig aan superbelasting nie, bv. die geval van diwidende. Diwidende is onderhewig aan superbelasting en nie aan normale belasting nie.

Onderstaande tabelle sal nie in alle gevalle 100% akkuraat wees nie maar sal Getroude Belastingbetalers 'n goeie aanduiding gee waarvoor om hulle gereed te maak in soverre dit die inkomstebelasting betref.

Pogings word aangewend om meer volledige tabelle in die volgende uitgawe van die Boerdery-Jaarboek te verskaf.

GETROUDE PERSONE

BELASBARE INKOMSTE	TRANSVAAL	KAAPPROVINSIE	NATAL	ORANJE VRYSTAAT
£100	—	—	£0 8 9	£1 0 0
200	—	—	0 17 6	2 0 0
300	£1 12 6	£1 12 6	1 15 0	4 16 3
400	2 17 6	2 17 6	1 15 0	6 5 0
500	5 18 5	6 0 11	4 17 8	8 2 2
600	11 11 3	16 19 7	14 7 11	17 16 8
700	27 6 5	27 3 5	24 0 9	27 13 8
800	37 16 6	37 9 10	33 15 11	37 13 2
900	47 11 4	47 18 6	43 13 4	47 14 11
1000	57 8 6	58 9 10	53 13 2	57 19 2
1100	67 7 11	69 3 5	63 15 3	68 5 8
1200	77 9 9	79 19 7	73 19 9	78 14 8
1300	87 13 11	90 18 5	84 6 8	89 6 2
1400	98 0 5	101 19 9	94 16 0	100 0 1
1500	108 9 3	113 3 5	105 7 6	110 16 4
1600	119 0 5	124 9 9	116 6 7	121 15 1
1700	129 13 10	135 18 4	126 17 10	132 16 1
1800	145 16 11	153 1 2	143 2 2	149 7 7
1900	176 14 1	185 10 8	173 16 5	180 15 4
2000	207 19 6	218 18 10	204 19 0	212 11 7
